


Die Matie

TWEEWEEKLIKSE STELLENBOSSE STUDENTEKOERANT
UITGEGEE ONDER BESKERMING VAN DIE SR



Jaargang XXXXX Nr. 1

DONDERDAG, 1 MAART 1984

Kontrasmal Karnaval



DAM-DEBAKEL

Duister redes vir verbod opgeklaar

KAMPUSBEHEERPERSONEEL het vanjaar vir die eerste maal studente verbied om in die dam te swem. Die redes gegee vir hierdie stap het gewissel van stories oor visse tot klagtes oor bruinmense. Na 'n ondersoek het dit geblyk dat een persoon in Administrasie vir die verbod verantwoordelik was.

Die dam teen die hange van Stellenboschberg is 'n gewilde swemplek vir vele studente.

Slagoffers

Van die slagoffers was me. C. Oosthuizen, me. A. Jooste en mnr. F. Oosthuizen. Toe hulle 'n week voor die aanvang van die 1984-akademiese jaar daar wou gaan swem het 'n Kampussekuriteitsbeampte, mnr. Dirk de Vos, dit verbied.

Hy het drie redes aangevoer: die Dam is geleë op privaateiendom, die universiteit moes een keer die onkoste dra vir die soektog na 'n vermiste persoon en bruinmense swem ook daar. Op 'n vraag wat met laasgenoemde verkeerd is, het hy gesê dat dit gevaarlik is vir meisies.

Op 'n volgende geleentheid het 'n ander Kampussekuriteitsbeampte dieselfde drie persone belet om daar te swem. Die rede: visse, spesiaal ingevoer uit Amerika, word in die Dam geteel om die hiasinteplaag in die Transvaal uit te roei. Die visse word glo elke maand uitgehaal en gemeet.

Visverhaal

Dié visverhaal is op verskillende geleenthede aan verskillende mense vertel.

Op 'n ander keer het dieselfde beampte gesê dat 'n dosent by die owerhede beswaar aangeteken het omdat hy saam met bruinmense daar moes swem.

Opdrag

Volgens albei persone het die opdrag om swem te verbied direk van die Vise-Rektor, prof. J.W.R. de Villiers, gekom.

Word die Dam vanjaar gepatrolleer? Is swem verbode? Die Matie het ondersoek ingestel.

(Vervolg op bl. 4)

LEES BINNE

Foto's van Karnaval p20

Our education system has the wrong goals p12

Coetzenburg-swembad word toegekamp... p13

Johan Fourie binne bereik van 'n wêreldrekord p19

Simonsberg se Met p3

Owerhede kan 'doop' nie keer

ONDANKS pogings tot strenger beheer oor ontgroening deur die owerhede, het 'n hele paar voorvalle van doop vanjaar weer voorgekom. Die Studenteparlement het op Dinsdagaand besluit om 'n ondersoek te loods na die beweerde viktimisasie van eerstejaarstudente.

Klagtes in die pers verlede jaar het die Universiteitsowerhede genoodsaak om wanpraktyke te bekamp. Sover Die Matie kon vasstel is eerstejaars heelwat beter behandel as vorige jare, maar doop eis steeds slagoffers.

Die Vise-rektor, Prof. R.W. de Villiers, wou nie kommentaar lewer op berigte wat hierdie jaar in die pers verskyn het nie. Hy wag vir die uitslag van 'n ondersoek oor die voorvalle. Die berigte het beweerde wanpraktyke genoem.

Mnr. Hans Oosthuizen, die Universiteit se media-woordvoerder, het gesê die Universiteit is "baie tevrede met die wyse waarop eerstejaars verwelkom is." Hy voel dat gerugte oor wanpraktyke in die dameskoshuis Lydia "oordryf" is. Die Universiteitsowerhede stel nog ondersoek in.

Me. Rona Roelofse, primaria van Lydia, het ontken dat eerstejaars in Lydia beseer is as gevolg van "doop".

"'n Mens sal die baba met die badwater uitgooi as doop afgeskaf word," sê mnr. Nic Myburgh, ondervoorsitter van die Studenteraad. Volgens mnr. Myburgh is die "tradisie" van "doop" nie regverdigbaar as studente moontlik beseer kan word nie.

Die Studenteparlement het op Dinsdagaand, 28 Februarie

Hawelose nuwes plak in Carnegie

DIE Carnegie is ingerig as losiesplek vir 32 mansstudente. Hierdie noodmaatreël is getref nadat 718 nuwe dameskoscangere en 575 nuwe manskoscangere op die Stellenbosse kampus toegelaat is.

Vir 60 van hierdie dames en 30 van hierdie mans is reeds addisioneel voorsiening gemaak deurdat sitkamers en HK-kamers in slaapkamers omskep is. Enkelkamers is ook as dubbelkamers ingerig.

Volgens mnr. Basson was die meriete van 1984-aansoeke van dames sodanig dat meer gekwalifiseer het vir koshuisopname. Die gehalte van mans-aansoeke het meer staties gebly. Gevolglik is Majuba se anneks weer ingerig vir dames.

Die gevolglike tydelike inrigting van die Carnegie as losiesplek vir mans is volgens mnr. Basson nie uitsonderlik nie. Die Universiteit het in vorige jare ook oor een of meer huise beskik waar studente kon bly totdat daar plek in koshuise oopgaan. Die bedoeling is dat al die loseerders in die Carnegie voor die einde van die semester in koshuise en universiteitshuise geplaas word.

4 358 studente word vanjaar in die 24 koshuise op die Stellenbosse kampus gehuisves. In 1983 het 3 434

genaaemde 'anti-doop'-komitee, en "bewerings van viktimisasie teen opsigte van eerstejaarstudente". Die mosie is eenparig aanvaar.


Die omvang van die ondersoek gaan groot wees. Eerstejaarstudente en hulle ouers gaan onder andere by die ondersoek betrek word. Die koste van die ondersoek sal nagenoeg R1 500 beloop.

van die 12 237 ingeskrewe studente in Stellenbosch en omtrek privaat geloseer. Met die beperkte getal studente wat in koshuise toegelaat kon word, het verkryging van losies in en naby Stellenbosch 'n probleem geword.

In 'n poging om studente te help, beoog die Universiteit om wooneenhede vir getroude en/of ander senior studente op te rig sodra die nodige fondse daarvoor bekom is. Die oprigting van nuwe koshuise word egter nie beplan nie.

Die Universiteit kan ook soos wat ruimte beskikbaar word, vir kleiner groepe studente losies verskaf. So kan verandering aan Helshoogte byvoorbeeld meebring dat 16 meer mans daar gehuisves kan word.

Wanneer die huidige Carnegie-biblioteek uiteindelik heringerig word, sal plek beskikbaar word in universiteitshuise wat nou deur akademiese/administratiewe afdelings van die Universiteit gebruik word.



DIE dam teen die hange van Stellenboschberg is 'n gewilde swemplek vir vele studente. Kampusbeheer het vroeër vanjaar studente verbied om daar te swem.

Kitskarnaval groot sukses

Toegegooi

Vanaf die intrap is almal toegegooi onder die magdom van Karnavalaktiwiteite wat oral op die kampus aan die gang was. Akkerjolverkopers het daaglik die Skiereiland en binneland geplunder met een van die beste Karnavalblaai wat nog die lig gesien het.

ONDANKS een gewraakte grappie wat byna tot verbanning gelei het, is die redakteur weer voorwaardelik tot die kampus toegelaat. (Sien berig op bladsy 4).

Verdere aktiwiteite was almal daarop gemik om deur gesonde wedywing in koshuisverband, die totale inkomste uit Karnaval na groot hoogtes te stuur. Karnaval het vanjaar saamgeval met

USKOR, die amptelik begunstigde organisasie, se tiende bestaansjaar.

Doodskiste

Donderdagaand was tradisioneel vensterversierings, waarna vele studente tevrede moes gaan slaap het met al die doodskiste, sigaretpakkies en

koeldrankbottels wat hulle kon buik om op hul saal kamermure te plak. Minerva se Avbob-tema, Lydia se Tex Bar en Nerina se Lemon Twist het veral aftrek gekry.

Vrydagmiddag is die kermis vol interessantehede langs Nerina gehou, en het al die rook, "down-down's" en ander dekadente studentekompetisies ten einde geloop. Vrydagnag is deur-

Kwaliteit

En wat 'n klomp karakters was dit nie! Dit kon beslis nie vir die beoordeelaars maklik gewees het om daarboop Johan Stander se stoep te besluit wie die beste vlot gebou het nie.

Kort en kragtig, Karnaval '84 was 'n groot sukses. Wat gekort het in kreatiwiteit, is meer as vergoed in kwaliteit.

nag gewoener om die vlotte betyds klaar te kry voor dié "Klein Rio" Saterdag.

UCT freshers get orientated

CAPE TOWN — Orientation at the University of Cape Town is a far cry from orientation on the campus of Stellenbosch, more commonly known as "doop".

This week is orientation week for first-year students at UCT. During the week, all the societies, sports clubs and SRC sub-committees on campus have stalls on the steps of Jameson Hall.

First-years can get all the necessary information from students manning these stalls. It is, in effect, a massive recruitment drive, reminding one of the scene at Oxford University, as featured in the movie Chariots of Fire.

On Friday night, all first-years are invited to a "Fresher's Hop" in Jameson Hall. This is followed by a rock concert on Saturday night, with the theme "Beat Apartheid". Somehow it is difficult to imagine an "eerstejaarsokkie" in Neelsie during orientation week. . . .



"ORIENTATION" scenes like these are unheard of on the UCT campus.

DURBAN-Studente aan die Universiteit van Natal het 'n klasboikot van twee weke ingestel nadat die Administrasie van die universiteit geveer het om gehoor te gee aan studente se griewe.

Die twee hoofredes wat aanleiding gegee het tot die boikot, is die hoë druipeyfer aan die swart Mediese Skool van die universiteit en die weiering van Administrasie om studente wat gesak het, weer aan die universiteit toe te laat.

Volgens 'n reëling van die

Studente boikot

universiteit kan selfs studente wat net een vak gesak het, nie hertoelating verkry tot die Mediese Skool nie.

'n Druipsyfer van 45% onder tweedejaarstudente is 'n sprekende voorbeeld van die toestand wat tot die ongelukkigheid aanleiding gegee het.

'n Groep studente het besluit om beswaar te maak teen die stand van sake en het binne drie uur 83% van die studente op die kampus

se handtekeninge op 'n petisie verkry.

Die petisie is tydens 'n vergadering aan die dekaan van die Mediese Fakulteit voorgelê, maar die universiteitsowerhede het geen verdere aandag daaraan gegee nie. Die studente het daarop 'n klasboikot ingestel op 31 Januarie.

'n Woordvoerder van die studente het beweer dat die regering die aantal nie-

blanke studente aan die Mediese skool van die universiteit wil verminder.

Die regering sou daardeur wou bewerkstellig dat meer swart studente na Medunsa gaan, en Indiër- en Kleurlingstudente onderskeidelik na die universiteite van Durban-Westville en Wes-Kaapland. Die studente maak daarop aanspraak dat hulle hierdie stellings kan bewys, en beskou dit as 'n doelbewuste poging om voortgesette apartheid in opvoeding te verseker.

Universiteite keur studente veel strenger

DIT sal in die vervolg nie meer so maklik wees om tot Suid-Afrikaanse universiteite toegelaat te word nie, aangesien toelatingsvereistes vanjaar drasties verhoog is.

Engelse universiteite het duisende aspirant-studente vir die huidige akademiese jaar weggewys, aangesien hulle matriek-uitslae net nie aan die nuwe en baie strengere toelatingsvereistes voldoen het nie.

Engels

Oor die algemeen is die nuwe vereistes net van toepassing op die Engelse universiteite, en behalwe vir sekere fakulteite, soos medies en ingenieurswese, bly die vereistes vir die Afrikaanse universiteite onveranderd.

Die posisie by Afrikaanse universiteite is deur mnr. Koos Roets, assistent-skakel-

beampte van die Randse Afrikaanse Universiteit, aan *Die Matie* verduidelik. Hy het gesê dat hulle enige student wat aan die basiese toelatingsvereistes voldoen, toelaat.

"Sommige fakulteite, soos ingenieurswese, het spesifieke toelatingsvereistes, aangesien dit nodig is om die aantal studente daar te beperk, maar ons weier weinig aansoeke," het mnr. Roets gesê.

By Engelse universiteite lyk die prentjie effens anders. Daar het slegs topstudente 'n kans om toegelaat te word.

"Studente met 'n matrieksimbool laer as 'n goeie C-gemiddeld, kan nie meer verag om toegelaat te word nie," volgens mnr. H.T. Amoore, vise-registrateur van die Universiteit van Kaapstad.

"Ons moes voorgraadse groei beperk, en 'n gebrek aan ruimte is een van die belangrikste redes hiervoor," aldus mnr. Amoore.

Meriete

Prof. Karel Tober, vise-kanselier van die Universiteit van die Witwatersrand, het gesê dat hulle besluit het om studente op grond van akademiese meriete toe te laat.

Hy het voorts gesê dat die besluit onvermydelik was aangesien die studentetal jaarliks met 700 studente gestyg het. "Ons het verlede jaar 15 790 ingeskrewe studente gehad — 1 057 studente meer as in 1982, en aansoeke vir vanjaar het alreeds met 10 persent gestyg.

Volgens prof. Tober was daar verlede jaar 7 893 aansoeke gewees, waarvan slegs die helfte uiteindelik toegelaat is.

Die vise-registrateur van die Universiteit van Pretoria, mnr. B. Espach, het gesê dat Tukkie nie nodig het om die studentetal te beperk nie, en dat enige student wat aan die basiese vereistes voldoen, toegelaat word.

UPE

Die Universiteit van Port Elizabeth het ook 'n toename aan studente getoon vanjaar, en volgens mnr. J. Bernardo, die pers-skakelbeampte van die universiteit, moes studente by die Farmaseutiese fakulteit spesiale toelatingseksamens aflê, aangesien hulle nie die aantal aansoeke kon akkommodeer nie.

Stellenbosch

"Aan die Universiteit van Stellenbosch is dit al nodig dat strenger toelatingsvereistes geïmplementeer word," aldus die pers-skakelbeampte van die universiteit, mnr. Douglas Davis.

Volgens mnr. Davis het die universiteit alreeds baie streng keuring vir toelating tot medies, tandheelkunde en ingenieurswese.

Die koshuise is heeltemal vol, en sommige studente word selfs in 'n hotel in Somers-Wes gehuisves. "Verlede jaar was ons studentetal die hoogste nog in die geskiedenis, naamlik 12 273, het mnr. Davis gesê. Met die ter perse gaan was vanjaar se studentetal nog nie bekend nie.

Dr. I. Kriel, hooft van Daelin College in Johannesburg, sê die strenger toelatingsvereistes het baie skoliere onkant betrap. 50 of 55 persent is nie meer genoeg om tot 'n universiteit toegelaat te word nie.

Hire the Plusbus!

For sport tours, group tours, church outings, congresses, sight-seeing, picnics, galas and good times!




It's pluses all the way on SA Road Transport luxury tour coaches!

- PLUS: The most economical. PLUS: Decidedly the most luxurious.
- PLUS: Ideal for larger groups. PLUS: Totally unrestricted sightseeing.
- PLUS: The most convenient way to travel.
- PLUS: Highly versatile. PLUS: By far the safest.
- PLUS: A courier driver. PLUS: Plan your own tour.
- PLUS: More time to relax and enjoy the trip.

Phone Mr. Plusbus 713-2809, 713-2076 or 713-5410 (Johannesburg) for more information, or post the coupon.
Mr. Plusbus
P.O. Box 1111, Johannesburg 2000.

NAME: _____
ADDRESS: _____
CODE: _____



ROAD TRANSPORT

We're all for you.

NUSAS vra vir verandering

DIE behoefte aan verandering in Suid-Afrika en die plig van studente om dit te bewerkstellig, is deur Nusas herbevestig op hul jaarlikse kongres.

Op die kongres, wat van 28 November tot 3 Desember 1983 in Johannesburg gehou is, is op 'n tema vir 1984 besluit, nl. "Students meeting a challenge for change".

like verandering teweeg te bring i.p.v. skynhervorming. Om meer effektiewe verteenwoordiging te verkry, sal die fakulteitsrade wat al reeds op alle Nusas-geaffilieerde kampusse bestaan, meer lewenskragtig moet word.

Op die kongres het studente besluit op 'n stelsel van klasverteenvoerders. Hierdie klasverteenvoerders sal verslag lewer aan die fakulteitsrade waaraan hulle behoort, wat op hulle beurt met mekaar, en met soortgelyke rade op ander kampusse sal skakel.

Nusas beplan 'n konferensie van fakulteitsrade in April, waartydens koördinasie tussen die verskillende universiteite sal plaasvind en gemeenskaplike probleme uitgepluis kan word.

Deur terugvoering na hul dekane en lektore in die onderskeie fakulteite, wil die studente 'n meer effektiewe opvoedingstelsel teweegbring.

Volgens 'n Nusas-woordvoerder wil hulle verandering aan Suid-Afrikaanse universiteite bewerkstellig deur hulle te beyver vir meer effektiewe verteenwoordiging deur studente op universiteitsliggame.

KRONINGSBAL

Karnaval met groot swier afgesluit

MEJ. MATIELAND en haar twee prinsesse is Saterdag 24 Februarie tydens die uithang sosiale geleentheid van die jaar, die kroningsbal, as Matieland se drie mooiste aangewys. Die voormalige Mej. Suid-Afrika, Vera (Johns) Sutherland, het die kroning van Maché Booyesen as die nuwe Mej. Matieland waargeneem. Maché word ondersteun deur Emma du Toit en Liana Joubert wat onderskeidelik eerste en tweede prinsesse is. Die kroningsbal is vanjaar weer in die Stadsaal gehou.

Strikdas en satyn, Opium' en Cardin, stylvol, "grand" — die kroningsbal Saterdag het opnuut bevestig dat dit met reg as dié sosiale geleentheid van Matieland beskou kan word.

Die bal is geopen met 'n modeparade wat deur die

Mej. Matieland-finaliste gebied is. Dit was duidelik dat die beoordelaars 'n uiters moeilike taak moes gehad het om uit hierdie tien meisies 'n wenner te kies. Karin Kruger, Mej. Matieland van 1983, het namens die Karnavalkomitee 'n ruiker aan

Vera (Johns) Sutherland ooraandig. Me. Sutherland is spesiaal vanaf Zoeloland in gevoer om die kroning van Mej. Matieland en haar prinsesse waar te neem. Nadat die Karnavalvoorsitter, Lorenzo Bossi, en me. Sutherland die baan geopen het,

ook o.a. die SR-Voorsitter mnr. Chris Jones, die ondervoorsitter mnr. Nick Myburgh en die SR-lid belas met Karnaval, mnr. Vonnie Mostert. Verteenwoordigers van al die borge was ook teenwoordig.

Kroning

Die hoogtepunt van die aand was ongetwyfeld die kroning van Mej. Matieland en haar twee prinsesse. Me. Sutherland het Maché Booyesen as Mej. Matieland gekroon met Emma du Toit en Liana Joubert onderskeidelik as eerste en tweede prinsesse. Al tien finaliste het ook geskenke ontvang.

Smoeg

Daar is van die geleentheid gebruik gemaak om ook die wenners van die gesogte Smoeg-trofee aan te kondig. Militêre Akademie het weer eens daarin geslaag om die ander koshuise uit te stof en deel vanjaar die trofee met Huis Neethling, Majuba en Lydia moes tevrede wees met die tweede plek na 'n besonder suksesvolle Karnavalpoging.

Tussen die eet, drink, dans en gesels deur het die tyd omgesnel en te gou het die fees aan 'n einde gekom. 'n Staande ovasie vir Miets van Rensburg, Altmann Allers, Klasië Dykstra, Antonie Nel en alle ander helpers vir die wyse waarop hulle die kroningsbal behartig het. Dit was voorwaar 'n koningsbal!



MEJ. MATIELAND en haar twee prinsesse is op die kroningsbal gekroon. Hier verskyn die skoonhede kort ná die kroning.

Huis ten Bosch wy nuwe geriewe in

NA die verwoestende brand van verlede jaar lyk Huis ten Bosch weer splinternuut. Die koshuis is gedurende die vakansie opgeknap en is Saterdag op gepaste wyse ingewy.

HUIS ten Bosch het letterlik uit die as verrys soos die Phoenix van ouds. Op Vrydag 24 Februarie is die "nuwe" koshuis met 'n gesellige kaas- en wyngeselligheid ingewy. Alle huidige inwoners, inwoners van 1983 en hulle ouers, asook die primarij en primariae van al die koshuise is na die funksie genooi.

Die Vise-Rektor, mnr. Roux de Villiers, het 'n heildronk op die koshuis en sy bewoners ingestel terwyl Ronel van Graan, 'n oud-Huis ten Bosser, as gaskuns-tenares opgetree het.

Fondse vir die geleentheid is verskaf deur borge. Daar is ook geen hennedinee gehou nie en die geld wat op hierdie manier gespaar is, is ook in die fondse gestort.

Saterdag 24 Februarie is daar 'n ope-sokkie gehou ter versterking van die huiskas. Daar is van die geleentheid gebruik gemaak om die nuwe "kolligte" in die ontspanningsaal te toets.

Die naweek se bedrywighede is op Sondag afgesluit met 'n massa-kerkbywoning van alle Huis ten Bossers en hul koshuiskampskiet, Huis Visser.

het die jolyt in alle erns begin. Die Hylton Ross Band het met hulle lewendige musiek daarvoor gesorg dat die gaste geesdriftig aan die dans gebly het, terwyl mnr. Klasië Dykstra as seremoniemeester gesorg het vir die ligter oomblikke.

Onder die eregaste het getel, behalwe me. Sutherland,

SKENK BLOED

DIE jaarlikse Interkoshuisbloedskenk kampioenskappe vind vanjaar weer in samewerking met die Westelike Provinsie Bloedoortappingsdiens (WPBOD) plaas.

In teenstelling met vorige jare word die kompetisie vanjaar versprei oor drie dae, nl. 5 Maart, 19 Maart en 2 April. Die verspreiding vergemaklik die WPBOD se hantering van die groot hoeveelhede bloed.

Koshuisebewoners sowel as privaatstudente word versoek om aktief deel te neem aan die kompetisie. Die kliniek van 5 Maart word in die Sanlamsaal in die Langenhoven Studentesentrum gehou terwyl dié van onderskeidelik 19 Maart en 2 April in die Gat gehou sal word. Die kliënte duur by elke geleentheid vanaf 15h00 tot 19h00.

Daar word ook gewone klinieke deur die jaar versprei sodat daar feitlik elke tweede week geleentheid sal wees om bloed te skenk.


Day at the Races a royal affair

"ROYAL Ascot" is the theme for this year's Maties Day at the Races. Indications are that this day is going to be one of the most memorable of the year.

The date of the big happening is Saturday 10 March and it is being held at the Milnerton race course. The Day starts at 12h30 and carries on until early evening. Special facilities include a huge marquee, a jazz band currently playing at the Carousel in Sea Point as well as food and refreshments galore.

In addition, huge prizes are to be won. Some of them include jewellery to the value of R800 for the lucky ticket holder, R500's worth of jewellery for the best dressed couple, as well as prizes for the best dressed lady and gentleman.

Admission is R3,00 each for students and R6,00 for the public. Tickets are available at each hostel or can be bought at the Carnival Committee's office in the Neelsie. Buses will be leaving from the Neelsie at 11h00 on Saturday and tickets for a return trip will be R2,00 per person.



DAGBREEK en Nerina het 'n baie geslaagde fop-troue as hulle reklameset vir Karnaval aangebied. Hier staan die "bruid" en die "bruidegom" voor die "kansel" en wag om in die "huwelik" bevestig te word. Die hofknapie en blommemeisie is onderskeidelik deur Kobus Liebenberg en Yolande Matthee vertolk, terwyl Tielman Roos en Emy le Roux die bruidspaar was. Hennes Louw het geskitter in die rol van die verbete predikant.

SIMONSBERG

Spogperde presteer op jaarlikse Met

SIMONSBERG se jaarlikse Metropolitan, wat in samewerking met Winston aangebied word, was weer 'n reuse sukses. Alle fasette van 'n egte perdewedren, van perde met buitengewone name tot skelm beroepswedders, is met groot oorspronklikheid uitgebeeld. Annalie van Wyk is as 1984 se Met-koningin aangewys.

DIE vyf en twintigste Simonsberg Winston-Metropolitan is op Vrydag vier-en-twintig Februarie met ewe veel swier en sotheid as in die verlede gehardloop. Vier-en-twintig rietperde, met twyfelagtige name soos onder andere Stiff Stander,

om al die pad na die bank te glimlag. Dit was veral die berugte Ayatollah-Dealers wat sigbaar in hulle noppies was met die dag se winste.

Genoegsame afleiding is tussen die opwindende wedrenne deur verskaf deur trompoppies, 'n gimnastiek-

kig die oproemakers sonder besonder baie geweld van die toneel verwyder en die vreedzaamheid van die middag onbeskadig laat.

Die hoogtepunt van die middag was ongetwyfeld die kroning van die Simonsberg-Met Koningin vir 1984. Die



SIMONSBERG se jaarlikse Met het weer vir 'n paar spannende oomblikke gesorg. Hier moet Stiff Stander uithaal om sy voorsprong oor sy vasberade teenstanders te behou. Die bekommerde grootbaas van die meedoënlose Ayatollah-dealers kan ook in die agtergrond opgemerk word, terwyl die skare asemloos toekyk.

Lord Herpes, Dip Stick en ander onnoembare, het sake in vier wedrenne met 'n totale prysgeld van R475 000 uitgespoek. Stiff Stander was onder andere die wenner van die taai Stander Memorial Stakes wat oor duisend meter beslis is.

Die slinkse beroepswedders (met titels en reputasies wat nie in goeie geselskap tuishoort nie) het rede gehad

en modevertoning en die Kaapse Klopse. Twee ongere karakters, by name die "juffrouens" Heatcote en Vlok, het met hulle onbedekte "bates" en al byna die streng sekuriteitsmaatreëls omver gewerp. Die gevreesde Phantom Flasher het ook weer toegeslaan en pandemonium veroorsaak. Die hoogs effektiewe Met-sekurreiteitsbeampies kon geluk-

eregas, dr. Frederik van Zyl Slabbert (wat ook voorheen huisvader was van Simonsberg), het na die beoordelaars se goeddunke vir Annalie van Wyk van Monica as koningin gekroon. Marie-Louise le Roux en Marietjie van der Westhuysen is as onderskeidelik eerste en tweede prinsesse aangewys. Die dag se verrigtinge is afgesluit met 'n gesellige kaas- en wynfunksie in die eetsaal.



THE annual Maties Day at the Races again promises to be one of the social highlights of the year. The very appropriate theme, Royal Ascot, leaves enough opportunity for healthy flights of the imagination and generous prizes are at stake for those who can excel at dressing up to the occasion.

HOOFDAMES

Studente ontevrede oor aanstellings

GROOT ontevredenheid oor die aanstelling van hul hoofdames deur Administrasie heers in die privaatblokke van dameskoshuise. Veral die dames van die C-blok in Nemesia is baie omgekrap. Die hoofdame word gekies deur mnr. Albie Basson, die hoof van losies.

Die damestudente van die betrokke privaatblok voel dat hul hoofdame administrasie verteenwoordig en nie die studente nie.

Verteenwoordig

Indien hulle haar self kan kies, sal hulle voel dat sy hulle verteenwoordig. Die studente is ook van mening dat hoofdames wat deur administrasie aangestel is, te min doen. Me. Heleen Botha, hoofdame van die C-blok van Nemesia, het gesê dat sy nie bewus is van sodanige klagtes nie. "Indien daar persone is wat wel klagtes het moet hulle dit deur die regte kanale lug."

Een van die grootste redes tot ontevredenheid met die hoofdame, is die toelating van manstudente tot die koshuise. Huidiglik is hul beperk tot een sitkamer, wat heeltemal ontoereikend is.

In die reglement vir universiteitshuise (dames) van Oktober 1983, staan dat manstudente slegs in goedgekeurde sitkamers toegelaat sal word. Die sitkamer wat vir hierdie doel goedgekeur is, is groot genoeg vir 16 persone, terwyl daar 36 dames in die huis is. Verlede jaar is die koffiekroeë ook as kuierplekke gebruik. Dit is egter nie vir vanjaar goedgekeur nie, aangesien dit die dames se privaatheid kan skend. Me. Botha is van mening dat dié geriewe wat tans bestaan, nl. vier sitkamers en drie kombuise, heeltemal voldoende is vir die akkommodasie van manskuiergaste.

Klagtes teenoor die hoofdame het nog geen reaksie ontlok nie. Studente is slegs met skorsing gedreig, sou manstudente in die kamers betrap word.

Slutel

Die ontevrede studente het gesê dat, aangesien elkeen haar eie voordeurslutel het en kan kom en gaan soos sy wil, hulle geen rede kan sien waarom mans nie in die koffiekroeë toegelaat kan word nie. Verder is aangevoer dat die gebruik van die koffiekroeë as onthaalplek in die verlede op 'n baie volwasse manier plaasgevind het. Daar kan trouens "minder gebeur binne die koshuis as daar buite."

Omdat daar vasgestelde besoektye is, sal dames weet om nie binne daardie tye iets

tot hul of hul besoekers se verleentheid te doen nie.

Die maak van drinkgoed vir manlike besoekers is ook 'n probleem. Die tweeplaatstoof voldoen nie aan die behoeftes nie. Die toelating van manstudente tot die koffiekroeë sal die probleem ook oplos.

Interkom

Daar is ook klagtes oor die interkom wat slegs eenrigting is. Dit skep heelwat probleme, en veroorsaak dat daar altyd 'n boodskap op die voordeur gelos moet word wanneer die dames êrens heen gaan. Ditsal, volgens die inwoners, sake vergemaklik indien manstudente self kan gaan kyk of die dames tuis is.

Die damestudente het dit duidelik gestel dat hulle nie

toestemming wil hê om mans in kamers toe te laat nie. Hulle wil slegs hê dat die koffiekroeë gebruik mag word om mans in te ontvang.

Yskaste

Nog 'n rede tot ontevredenheid is die aanhou van yskaste word op 'n sentrale plek gestoor. Aangesien dit nie toegesluit kan word nie, is enigeen vry om iets uit enige yskaste te neem. In geen reël wat die dames ontvang het, word hulle verbied om yskaste in hul kamers aan te hou nie.

Hulle is slegs verbied om kos in die kamers te maak. In die reglement van 1983 word daar egter ook geen verbod op die maak van kos in kamers gemaak nie.

Die dames voel hulle is

almal vierdejaars of nagraads en daarom in staat om verantwoordelik te kan optree. In die verlede was hulle nie so ontevrede nie, want daar is na hul omgesien. Die hoofdames het hulle menings weerspieël. Verlede jaar het elke seksie selfs sy eie hoofdame gehad. Dié reëling het uitstekend gewerk.

Beskikbaar

Mnr. Aspeling van die losiesafdeling het in sy kommentaar op die gerugte van klagtes gesê hy is seker dat, sou die studente 'n klagte voorlê, na hul griewe omgesien sal word.

Hy is van mening dat hulle dan die kans gegee sal word om hul eie hoofdame te kies.

Mnr. Albie Basson was nie beskikbaar vir kommentaar nie.



EENDRAGTERS wys waar hul boom se skaduwee geval het. Die boom was eintlik 'n skrummasjien, krieketpaaltjies en 'n hangplek vir 'n slaansak.

Eendrag se boom weg in vakansie

deur Riaan Smit

EENDRAG se inwoners is onstroke oor 'n groot Populierboom wat gedurende die Desembervakansie uit hul "quad" verdwyn het. Die boom het sentimentele waarde vir die inwoners. Hulle is ontnoem van 'n skrummasjien, krieketpaaltjies en 'n hangplek vir hul slaansak.

Volgens mnr. Gerard van Rensburg, primarius van Eendrag, is hulle ongelukkig omdat niemand vooraf redes verstrek het waarom die

boom verwyder moes word nie.

Mnr. Moolman van die Universiteit se Tuinbouafdeling het aan *Die Matie* gesê die boom moes eintlik twee seisoene gelede al afgesaag gewees het. "Die wolsaadjies van die boom verstop die roosters van die hittepompe en moes dus verwyder word. Die boom is nie so oud nie. Dis familie van die Vuurhoutjiepopulier wat voor Helderberg staan en groei in 'n paar jaar tot 'n groot boom.

Mnr. Moolman sê al die waardevolle bome op die kampus is aangeteken en mag net afgesaag word met die toestemming van die Rektor. Die boom wat in Eendrag afgekap is het nie veel waarde gehad nie en was nie aangeteken nie. "Die Universiteit probeer om bome met beperkte leeftyd uit te faseer en waardevolle bome soos geel- en eikehout aan te plant. Die bome neem wel veel langer om groot te word, maar dit is immers iets vir die nageslag.

Geen plek vir fietse by bib

DIE probleme wat sommige studente ondervind omdat daar nie kennisgewingborde en fietsrakke by die nuwe J.S. Gericke-biblioteek is nie, gaan binnekort opgelos word.

Mnr. Engelbrecht, die Adjunk-Direkteur van die Biblioteek, sê dat daar op die oomblik geen kennisgewingborde of rigtingwysers, asook nie 'n naam, by die nuwe biblioteek is nie. Hierdie items val almal saam onder die rigtingwysers, en sal dus almal saam opgerig word. Volgens hom sal dit hopelik binnekort geskied.

Wat die fietse betref, sê mnr. Engelbrecht dat dit eintlik onwettig is vir studente om op die plein van die biblioteek rond te ry. Geen kennisgewing is al in dié verband opgerig nie, maar dit sal nog gedoen word. Geen fietse word egter naby die ingang tot die gebou toegelaat nie.

Volgens mnr. J.E. Potgieter van die Afdeling Beplanning, is dit beslis nodig dat fietsrakke voorsien word, maar die vertraging van die kwessie lê dalk elders as by hulle. Die fietsrakke word deur die Universiteit gemaak en hy weet nie hoe groot die voorraad op die oomblik is nie. Daar is baie ruimte rondom die nuwe biblioteek om fietsrakke op te rig, het hy gesê, en daar word aandag daaraan gegee.



DIE SR-motor na die ongeluk. Mnr. Pierre de Smidt lê links onder 'n kombors.

SR sonder motor na RM-ongeluk

OP 3 Desember 1983 was drie Stellenbosse studente verbonde aan Radio Matie in 'n motorongeluk betrokke. Die studente, Craig Lee (Besturende Direkteur), Marisa Honey (Direkteur Nuisdienste) en Pierre de Smidt, was op pad na Potchefstroom om die kongres van die Nasionale Studente Radio Organisasie (NASRO) by te woon.

Die ongeluk, waarin 'n Studenteraadsvoertuig be-

skadig is, het ongeveer 70 km duskant Beaufort-Wes om 5h50 plaasgevind. Mnr. de Smidt, wat die voertuig bestuur het, het aan die slaap geraak. Die drie studente is met kopbeserings, harsingskudding en kneusings in die Prins Albert Hospitaal opgeneem. Mnr. de Smidt was vir 'n groot deel van die dag bewusteloos en is eers na twee dae uit die hospitaal ontslaan. Me. Honey en mnr. Lee kon na 'n dag en nag onder behandeling na Stellenbosch terugkeer.

Die storie van die ongeluk het effens verdraaid by die kongres in Potchefstroom aangekom. Volgens die berig wat hulle ontvang het, het twee van die studente in die ongeluk omgekrom. Daar

is 'n minuut se stilte vir hulle gehou.

Die feit dat die Studenteraad nou 'n voertuig kort is, gaan waarskynlik 'n positie-



CRAIG LEE

we wending neem. Sodra die versekering afgehandel is, gaan 'n nuwe voertuig deur 'n motormaatskappy aan die SR geskenk word.

DIE DAM (Vervolg van bl. 1)

Volgens die Sportsekretaris van die Universiteit, mnr. P.J. Retief, was dit nog altyd onwettig om in die Dam te swem. Beweringe dat dié reël vanjaar gemaak is, is onwaar.

"Die Dam word gebruik vir besproeiing van die sportgronde en was nog nooit 'n swemplek nie," sê hy. "Net die onderwaterklub mag dit op spesiale vergunning gebruik vir scuba-oefeninge.

"Die universiteit kan nie aanspreeklik gehou word indien mense daar verdrink of siektes opdoen nie. Die water word nie getoets nie, omdat dit slegs vir besproeiing gebruik word."

Gevaarlik

Mnr. P.J. Lombard, hoof van die Departement Ontwikkeling, voeg by dat die takke en doringdrade in die Dam gevaarlik is. Verder is dit ongewens dat lede van die publiek fuifpartye by die Dam hou. Daar is ook geen sanitêre geriewe nie.

Om hierdie redes kan die universiteit nooit amptelik toestemming gee dat daar in die Dam geswem mag word nie, sê hy. Hy is egter onbewus van enige strenger optrede deur Kampussekuriteit vanjaar. Die saak is, sover hy weet, op geen Raads- of komiteevergadering bespreek nie.

Die hoof van Risikobestuur, kol. A.W. Bester, sê dat die professionalisering van die risikobestuurprogram lei tot strenger sekuriteitsmaatreëls op die hele kampus. Hy het egter geen spesifieke opdrag aan Kampussekuriteit gegee om die Dam strenger te bewaak nie.

Die Matie het sy kommentaar gevra op die verskillende redes waarmee Kampus-

sekuriteitsbeamptes die verbod op swem geregverdig het. Hy sê dat mnr. De Vos se redes wel geldig is. Die bewering dat die Universiteit die onkoste moes dra vir die soektog na 'n vermiste persoon, is egter nie die volle verhaal nie. Nadat 'n fiets en klere by die Dam gevind is, is vermoed dat 'n persoon verdrink het. Die soektog is egter nooit uitgevoer nie, omdat dit geblyk het dat niemand vermis is nie.

Prof. J.A. de Bruyn, dekaan van die Fakulteit Natuurwetenskappe, is onbewus daarvan dat ingevoerde visse vir teelddoeleindes in die Dam aangebou word.

Opdrag

Volgens die waarnemendes Hoofkampussekuriteitsbeampte, mnr. W.J.S. Victor, het Kampussekuriteit wel 'n opdrag van mnr. F.J.G. Mostert, Hoof-Administratiewe Beampte van Navorsingsadministrasie, ontvang om swem in die Dam vanjaar te verbied. Kennisgewings wat swem verbied moes by die Dam opgerig word. Weens 'n gebrek aan fondse is dit nog nie gedoen nie.

Mnr. Mostert het bevestig dat hy dié opdrag gegee het. Op 'n vraag aan mnr. Mostert of die besluit amptelik op 'n Raads- of komiteevergadering geneem is, het hy gesê dat hy dit nie as 'n Raadsbesluit beskou nie. So 'n besluit hoef ook nie aan die studente bekend gemaak te word nie, sê hy.

Die Rektor, prof. M.J. de Vries, sê dat hy dikwels wanneer hy vroegoggend in die omgewing van die Dam gaan stap, studente daar sien swem en ook met hulle gesels. Hy het bevestig dat die universiteit geen aanspreeklikheid aanvaar vir mense wat op eie risiko daar gaan swem nie.

U.U.B. VIR AL U


- ★ Boeke
- ★ Skryfbehoeftes
- ★ Afrolwerk
- ★ Bindwerk

PLEINSTRAAT U.U.B.
STELLENBOSCH FOON 70337

**WANNEER JY GRAAD GEVANG HET,
SAL JOU KENWOOD-STELSEL,
NOG ALTYD ONDER WAARBORG WEES.***

GROOT KLANK

EN GROOT WAARDE. HOOR! HOOR!




Hoor bietjie hoe maklik jy groot klank met groot waarde kan kombineer . . . met jou eie spoggerige stereo stel. Kenwood maak dit maklik.

Die groot Kenwood-voordeel: elke eenheid is deel van 'n groot familie wat spesiaal ontwerp is om perfek te harmonieer wat betref klanklewering en styl. Al die kontroles en verbindings is volmaak gekoördineer, sodat jy die verskillende eenhede na willekeur by mekaar kan inspan. Vir 'n professionele klank-fantasie!

Afsonderlike eenhede in die stelsel:

KA 31-versterker R198	LSK 20D-luidsprekers R177
KT 31-insteller R198	KD 21R-draaitafel R178
KX 31-kassetdek R248	(AVB ekskl.)

Ons prys vir die volledige stel (met SRC-stander as opsionele ekstra teen R159) is net R999 eksklusief. En onthou . . . kom gesels gerus met ons oor gerieflike afbetaling. Dit klink mos na besigheid!



Te kry by:

Stellensound by
Stellenbosch-Meubelmaatskappy (Edms.) Bpk.
Andringastraat
Tel. (02231) 73004/5/6

KENWOOD
Elke eenheid vir vyf jaar gewaarborg

SRC attracts USA interest

THE chairman and vice-chairman of the SRC undertook a 27 day visit to the United States in January. The object of their visit was to establish bonds with universities and influential groups in that country.

Mr Nic Myburgh and Mr Chris Jones joined Russell Crystal, founder member of the Student Moderate Alliance at Wits University, for a trip to the USA. Their aim was to gain knowledge about student activity on and off campuses in that country. They also sought to strengthen existing ties with other universities.

To accomplish these aims, the group visited several universities where they spoke to students and told them about South Africa.

Political

They also met interest groups with whom they discussed political and economic issues.

Mr Myburgh said that they had met a lot of people who were "very interested" in South Africa. They had also, however, encountered very "prejudiced" opinion regarding this country.

At the many well attended meetings which he addressed, Mr Myburgh had to cut his speeches short in order to answer all the questions that were directed at him.

Mr Myburgh considers the visit a success as he believes that it opened doors for the future. Lots of people were receptive to their point of view and there is considerable potential for future co-operation.

The College Republicans, the biggest political youth movement in the USA,

adopted the following resolution with regard to the groups visit: "Be it resolved that we join in solidarity with the peoples of the RSA in their struggle against Soviet expansionism in that region".

Initiative

"We place a primary emphasis on supporting the South African initiative to better their situation."




MR NIC MYBURGH pictured in Washington with (left) Mr Jose Rebelo, representative of the Angolan FNLA in America and (right) Mr Dave Barron, chairman of the Jefferson education foundation.

Buitemuurs kry geen US-beurse

DAAR heers ontevredenheid onder sommige buitemuurse studente aan die Universiteit van Stellenbosch omdat merietebeurse nie vir hulle beskikbaar is nie.

Mnr. Anton Strydom, 'n buitemuurse B. Comm-student, het in 1983 sy eerste jaar met 'n gemiddelde persentasie van 79,5 voltooi. Hy het die Buitemuurse afdeling van die universiteit genader om vas te stel of hy in aanmerking kom vir 'n merietebeurs. Hy is na die Universiteits-administrasie verwys. Hy is meegedeel dat dit die Universiteit se beleid is om aan voltydse studente voorkeur te gee.

Volgens mnr. Malan by die Universiteit se beurs-afdeling is dit die beleid van die Universiteit om nie merietebeurse aan buitemuurse studente toe te ken nie. Die rede hiervoor is dat daar 'n tekort aan beurse is en mense wat wel 'n inkomste het, sal die geld nie benodig nie.



ANTI-DOOP

Pamphlet irks Vice-Rector

PAMPHLETS setting out the University rules on Initiation were distributed amongst first year students during Initiation Week.

The distribution was undertaken by a group of students calling themselves "Anti-Doop". University rules issued by the Vice-Rector in October 1981 were duplicated and distributed amongst first year-students.



PROF. DE VILLIERS

Verenigings-aktiwiteite bekendgestel

VERENIGINGSWEEK het op 28 Februarie geopen en duur tot Vrydagoggend 2 Maart. Die uitstalling word in die Gat van die LSS gehou.

Die doel van Verenigingsweek is om die verenigingslewe op Stellenbosch aan die studente bekend te stel. Studente, veral eerstejaars, kan die geleentheid gebruik om by die afsonderlike verenigings aan te sluit.

41 verenigings, insluitende die Stellenbosse Onderwaterklub, asook Die Matie, neem aan die uitstalling deel.

The pamphlet was confiscated by some House-Committee members.

H.C.-members of men's hostels complained to the Vice-Rector.

According to the Vice-Rector, Prof Roux de Villiers, the impression was created that the pamphlets were distributed under his direction.

Meetings

He said that he had arranged meetings with the Orientation Committees of all the Hostels where they had discussed the rules of Initiation before the orientation week.

Some Hostel Authorities accordingly thought that he had distributed the pamphlets without letting them know.

An "Anti-Doop" spokesman said that it was clearly printed on the pamphlet that it had been issued by "Anti-Doop".

Reason

The spokesman said that the reason for duplicating and distributing the pamphlet was "to help the University Authorities achieve their aim of stopping mal-practices in the welcoming of first year-students."

According to the spokesman, the group also felt that first year-students should be told of their right to choose whether they wanted to be initiated or not. The spokesman said there was a difference between the "welcoming" of first years and "Doop" as practised.

The Group phoned the Authorities of all the Hostels to clear the matter.

Studente stel hul kunste ten toon

DIE Departement Beeldende Kunste bied vanaf 28 Februarie 1984 tot 1 April 1984 'n tentoonstelling van illustrasies deur studente, personeel en oud-studente van die Departement aan. Dit sal in die Kunsmuseum van die Universiteit van Stellenbosch, op die hoek van Dorp- en Birdstraat, plaasvind.

Die tentoonstelling sal oorspronklike werke insluit sowel as publikasies wat deur die bogenoemde persone geïllustreer is.

Die meeste van die illustrasies op hierdie tentoonstelling is gemaak deur studente van die Departement Kunste in die loop van die een-jaar spesialisering in illustrasie, wat gedurende die finale jaar van die Grafiese Ontwerp-kursus aangebied word. Dit dek boek-illustrasie sowel as tydskrif- en institutionele illustrasie.

Daar is ook enkele voorbeelde van gepubliseerde werke wat deur vorige studente van die Departement in die loop van hulle professionele loopbane uitgevoer is.

Die vak word deur Paddy Bouma Niehaus onderrig onder leiding van Jochen Berger, hoof van die afdeling Grafiese Ontwerp.

PROF. L. SCULLY



ANLEO, wat aan André du Toit behoort, het oorspronklike, gemaklike klere wat elkeen se smaak en sak pas.

Dramalektrise cum honneurs met haar poppeteater

MARIA SUSANNA DORFLING het nooit pop gespeel nie. "Poppe het my werklik nie aangestaan nie — hulle was dóód. Jy ruk en pluk hom na alle kante, maar sy gesig bly staties; hy het geen lewe nie."

Vandag is sy me. Marie Kruger, lektrese in Spraak en Voordrag aan die Departement Drama van Stellenbosch. Sy het pas haar honneursgraad in Drama met onderskeiding geslaag met 'n poppespel, *Die Kampus en*

die *Ruimteprins*, as praktiese komponent.

Die poppeteater staan nie terug vir die lewendende teater nie. Dis 'n volwaardige teater met sy eie karakter en eise — 'n teatervorm wat in die laaste 20 tot 25 jaar wê-

reldwye oplewing beleef het. Daar is egter nog net een universiteit in die wêreld wat 'n volwaardige kursus in poppeteater aanbied — die Praagse universiteit.

Die opdrag wat Marie Kruger vir haar honneursgraad moes uitvoer, was om 'n poppespel vir volwassenes te ontwerp. Daar bestaan weinig tekste vir volwasse poppeteater buiten 'n paar pornografiese voorbeelde.

Aangesien teksvereistes vir die poppeteater en lewendende teater drasties verskil (in poppeteater kom handeling eerste en dialoog is ondergeskik) was dit ook nie moontlik om 'n teaterteks te gebruik nie.

Sy moes 'n teks sowel as poppe ontwerp vir die projek.

Me. Kruger het haar honneursgraad in 2 jaar voltooi, terwyl sy ook moeder, huisvrou en beroepsvrou was.

Dit is hoog tyd om ook op akademiese vlak in Suid-Afrika te besin oor poppeteater. Marie Kruger is besig met baanbrekerswerk en ons hoop dat sy binnekort ook op M-vlak haar navorsing van die poppespel sal voortsit.

R. DU PREEZ



ME. MARIE KRUGER met twee van die poppe wat sy in die poppespel gebruik het, waarmee sy haar honneurs in Drama cum laude geslaag het.

Anleo brei uit, maar behou sy karakter

DIÉ wat dit ontdek het, sal onthou dat André du Toit 'n klein leerwinkeltjie *Anleo*, gehad het, waar hy selfgemaakte skoene en ander leerartikels verkoop het.

Anleo is nog waar dit was, agter in die hoek van Katrina's; maar die hele Katrina's behoort nou aan André.

Die atmosfeer is nog net so ontspanne soos altyd. In die hoek sit 'n meisie en lees. Michael Franks speel in die agtergrond. Dit lyk of niks verander het nie.

André maak nou nie meer self sy leerartikels nie, bloot omdat hy nie die tyd het nie.

Anleo het uitgebrei en gaan binnekort sy eie eksklusiewe ontwerpersklere vir mans en vroue begin verkoop.

André en 'n vennoot het reeds 'n reeks vroueklere wat baie suksesvol ontvang is, aan die res van Suid-Afrika bekendgestel. Daar bestaan 'n groot mark en aan vraag na oorspronklike, gemaklike klere, volgens André.

Dit is ook André se motto: Klere moet bo alles gemaklik wees. Terwyl jy goed voel, moet jy ook goed lyk.

Die vroueklereontwerpe sal die huidige mode volg, met groot sakke, interessante patrone en vorms. Oor die manskere is André baie entoesiasies. Dié klere sal nie hoogmode wees nie, maar eenvoudig tydloos. Hy het besluit om 'n paar modekleure te gebruik, hoewel hy persoonlik aardse kleure verkies.

André glo aan die *casual look* vir sy manskere. Dit moet koel, gemaklik en anders wees.

Op die oomblik is daar 'n uitverkoping aan die gang om plek te maak vir die opwindende nuwe inname, wat oor ses weke in die winkel sal wees.

Waar kom André se belangstelling vandaan?

Sy lewensfilosofie is dat jy moet doen wat jy wil en jouself moet utoeleef. Hy het geen spesiale kursus in Ontwerpkuns gedoen nie — dit was 'n kwessie van leer uit ondervinding.

Hy geniet sy werk baie, maar soos enige kunstenaar kan hy nie stilstaan nie. Om verkoopsman te wees, is nie

stimulerend genoeg nie. Hy wil verder ontwikkel, werk en skep. Sy geesdrif is aansteeklik. Hy vind sy werk opwindend, en het drome om dalk nóg uit te brei.

André koop steeds leer-skoene en -artikels aan. Hy verkoop ook juwele wat deur studente gemaak word. Sy winkel het iets vir almal.

Alles is volgens sy smaak, en hy verkoop niks waarvan hy nie self hou nie.

Dit neem nie lank om te sien dat dit wat hy in *Anleo* aanhou en verkoop, nie net in sy smaak val nie, maar in enige persoon s'n wat hou van iets anders; kleredrag wat iets omtrent hulself se.

LOUISE VILJOEN



ANDRÉ DU TOIT het sy eertydse leerwinkeltjie uitgebrei, sodat hy nou die hele Katrina's besit. Dieselfde besonderse atmosfeer heers egter nog altyd.

FILMREVIEW

Halloween III will anger, thrill you

HALLOWEEN III — SEASON OF THE WITCH.

LET this be said: *Halloween III* will surprise you, it may even anger you. But if you are prepared to suspend your expectations and are willing to be taunted and toyed with, you will emerge thrilled.

Halloween III displays the kind of nerve that could only be forthcoming from a good B-movie — the nerve to shake off the shackles of rigid and formalized style, to be inventively loose without coming apart at the seams, to borrow from neglected sources and inject old ideas with a new vitality. It is the sort of film that flaunts its unorthodoxy with an arrogance that thrills, a film that is conceited enough to work on its own terms.

The good B-movie juggles with the audiences' expectations, it flirts with notions and has the courage and confidence to be self-mocking. Like some rebellious upstart it impiously thumbs its nose at the rules of "acceptable" cinema — B-movies are to cinema what rock 'n roll is to music.

John Carpenter, director of *Halloween I* and overseer

of the two sequels, retrieved the B-movie from the ash-heap of cinema, revitalized it, and the film world sat up and took notice. And in *Halloween III*, which was scripted and directed by one of his disciples, Tommy Lee Wallace, his influence is there to be relished.

This time around the makers have wisely refrained from further exploiting the shock-horror-blood-'n-gore formula of its predecessors. The Halloween festivities remain the premise, but *Halloween III* is no longer occupied with the homicidal indulgences of the white-masked slayer.

HEIN MARAIS

An ingenious Irish toy-maker, Conal Cochran (delightfully hammed by Dan O'Herlihy) hatches a ghoulish plot to play the ultimate prank and turn Halloween into the sacrificial rite it supposedly was a millennium or two ago.

The daughter of a murdered shopowner (Stacey Nelkin) and Dr Chaniel Challis smell a few rats and become entangled in a rather unsavoury chain of events. The rest you will have to find out for yourself.

Much of the film's appeal

lies in its plucky ambiguity — it is at once bizarre and jestful. Borrowing devices from a number of films (among them *The Stepford Wives*, *Alien* and *Creepshow*), it arrogantly straddles genres ranging from Horror to Science-fiction to TV soap-opera serials. It offhandedly uses elements from these films and draws them to extremes — viz, the attack by the dismembered android and the insect-scene.

In many ways *Halloween III* is one film masquerading as many; it is square-round-triangle that cannot be pigeonholed. It jolts, then repulses, then seems content to mildly surprise or deliver the obvious in an extreme manner.

But a price had to be paid for this variable appeal and disrespectful prankishness. Apart from the occasional flagging of tension, its main flaw is perhaps its lack of focus — but one gladly excuses this. Confidently directed by Tommy Lee Wallace and boasting another evocative score by John Carpenter, *Halloween III* is a breath of fresh air.

Yet, thanks to ill-considered critical receptions, it is probably doomed to disappear into the twilight-zone of sadly neglected films.

Kunskalender

CINE 1

29.2—1.3.84 *Obsession*, an action crime thriller with Cliff Robertson and Genevieve Bujold.

27.2—3.3.84 *Halloween 3* (The season of the witch) One of the best of John Carpenter.

3.3.84 *The Crazy Adventures of Len and Coby*, an action comedy starring Michael Coby and Paul Smith.

CINE 2

27.2—3.3.84 *The Lords of Discipline*, with David Keith and Robert Prosky. The system bred terror and brutality and one man fights back with his gun.

3.3.84 *Meatballs*. A holiday camp comedy with no holds barred starring Bill Murray.

ENDLER HALL

5.3.84 20h00 *Camerata Academica* — Des Mozarteums Salzburg. This well known chamber ensemble will be

conducted by Sándor Végh and with leader Gerard Korsten.

US ART MUSEUM

27.2—1.4.84 An exhibition of illustrations by lecturers and students of the University.

BAXTER

23.2—10.3.84 Pieter Toerien presents *Hello I'm 8* starring Tim Plewman and London actors Kevin Moore, Stephen Dean and Christine le Brocq.

5.3—17.3.84 *Saturday Night at the Palace*, a play by Paul Slabolepsky.

10.3—11.3.84 *Utopia Limited* presented by Cape Town Gilbert and Sullivan Society with conductor Barry Smith.

29.3—4.4.84 *Brave New Pretoria*, a satirical Science Fiction in an examination of South African ten years hence.

ALBO

Studentehandwerk

VIR HANDGEMAAKTE LEERWARE, ERDEWERK, ROKKE, GESKENKE, SNUISTERRYE.

48-UUR DIENS VIR PRENT-EN TAPISSERIERAAMWERK EN ALLE HANDWERKVOORRADE.


TRUSTBANKGEBOU. TEL. 6358
STELLENBOSCH

JOHANN VAN HEERDEN

Hy wil teater laat lewe onder sy mense

"TEATER is iets wat ek altyd vermoed het bestaan en waarvan ek enkele kere in my lewe 'n glinstering gesien het. Daarom glo ek dat dit wel kan bestaan en ek wil uitvind hoe ek kan help om dit tussen my mense weer te laat lewe."

So praat Johann van Heerden, senior lektor in Toneel en Regie aan die Universiteit van Stellenbosch, wat binnekort na Amerika vertrek om vir 'n jaar lank navorsing te doen. Dit sal deel uitmaak van sy doktorsale navorsing oor die rol wat die teater-kritikus en regisseur in die lewende teater speel.



JOHANN VAN HEERDEN

Reeds as kind was die teater al 'n deel van Johann se lewe. Sy ouers was albei toneelspelers.

Johann het aan die Paul Roos Gimnasium op Stellenbosch gematrikuleer waarna hy Drama op Stellenbosch studeer het. Hy word in 1975

as lektor in Drama aan die US aangestel. In 1978 behaal hy sy meestersgraad in drama cum laude.

In 1974 is 'n Suid-Afrikaanse rolprent, *Fighter Pilots* in Amerika vrygestel en tien jaar later kan die prent steeds in Amerika deur Rouxnette du Preez sien word. Die hoofrol van "Captain Reinecke", word deur Johann van Heerden vertolk.

Hy het ook in 1976 die rol van Cloete in die SAUK-produksie, *dr. James Barry* vertolk.

Hy verskyn gereeld op televisie en hy het pas weer 'n rol vertolk in die nuwe reeks *Seeduiker* wat volgende jaar vrygestel word.

Behalwe filmwerk, speel hy in 'n menigte teaterstukke, waarvan enkele soos *Winners* van Brian Friel, *The Diary of Anne Frank*, *Selle ou Storie* van Pieter-Dirk Uys en die Universiteitsproduksie *Equus* van Peter Schaffer, voorbeelde is.

Johann beskou homself in die eerste plek as teaterregisseur omdat dit skakel met sy talent en belangstelling. Maar hy glo dat 'n goeie regisseur eers 'n suksesvolle akteur moet wees.

In 1980 is 'n egte Griekse opvoering gemaak van *Lysy*

strata van Aristophanus. Dit is in die Neelsie se wandeling opgevoer met Johann van Heerden as regisseur.

Hy doen sy eie vertalings van stukke uit Duits en Italiaans, waarvan sommige al in Afrikaans op die Stellenbosse verhoog ge-

PROFIEL deur Rouxnette du Preez sien is.

Vir Johann is die bekoring van die lewende teater soos voetspore in die sand. "Die wonder en die uniekheid van die teater-ervaring lê in die verganklikheid, die eenmaligheid. Die golwe van die tyd laat die voetspore vervaag — dis hoe teater lééf en altyd hérlééf."

'n Nuwe woord is die afgelopen tyd op baie Stellenbosers se lippe: "Kabaret". *Ekskuus vir die Wals* het groot opspraak verwek, in dié mate dat alle kaartjies voor die vertonings uitverkoop was. Die regisseur was Johann van Heerden. Hy glo egter nie dat daar al 'n volwaardige kabaret in Suid-Afrika bestaan nie — eerder 'n kabaretagtige teater.

Waar dit kabaret aangaan is dit 'n kwessie van die hoender en die eier — en die lokaal kom dié keer eerste. Suksesvolle kabaret kan slegs bestaan in 'n lokaal wat aantreklik is, met 'n ontvanklike atmosfeer. Die gehoor gaan in die eerste plek daarheen om te gesels, te dink en te ontspan. Die kabaret is 'n bonus.

Johann se jongste twee

teateropvoerings is albei verlede jaar gedoen: *Vyand!* deur Robin Maugham is vir SWARUK in Windhoek opgevoer. *Laat-Februarie 1922* is in die Nico Malan-arena in Kaapstad opgevoer.

Op die groot vraag oor sy spesifieke toekomsdeaal in die teater, is Johann se antwoord 'n bondige realisering van sy soeke na 'n lewende teater:


"My toekomsdeaal...? 'n Afrikaanse toneelskool wat werk."

Uurkonserte vul Endler klokslag

"KLAVIERPASTA met orrelkorrels" was die interessante naam vir die eerste uitvoering van die vier etensuurkonserte verlede week. Die uitvoerings was ten bate van Karnaval.

Rudolph Temmingh, Zorada Labuschagne en Elna Bezuidenhout het beurte gemaak by twee klaviere en die orrel. Hulle het klassieke musiek meesterlik afgewissel met ligte musiek en tot groot vermaak van die gehoor na vore gekom met die snaakste en oorspronklikste kombinasies. Die variasies op Sarie Marais het groot byval gevind.

Die Dinsdag- en Woensdag etensuurkonserte was van 'n ernstiger aard. *The*



VOLGENS Johann van Heerden is 'n regisseur se rug al wat gesien moet word terwyl hy werk.

Perfect! en *The Crowning* met musiek en liriek deur Niël de Roux het gesorg vir 'n buitengewone vertoning.

Woensdag het Alma Oosthuizen, begelei deur Niël de Roux, ses pragtige liedere gesing, o.a. van Jacques Brel en Cole Porter.

eOa + PdQ was die naam van Donderdag se uitvoering. Die musikant was Eric Rycroft (altviool), Oliver de Groote (klarinet) — albei dosente aan die Konserwartorium — wat begelei is deur

die uitvoerings was van hoogstaande gehalte, maar kon beter gewees het as dit nie was vir die swak klankstelsel nie.

Musicultus, wat die mid-dagurkonserte aangebied het, nooi alle studente uit om as lede aan te sluit. Dit behels gratis bywoning van etensuurkonserte, asook uitstappies na die Nico Malan en ander interessante aktiwiteite.

Film fest in March

THE annual Stellenbosch Film Festival is being held from 12 to 17 March 1984. This highlight on any student's social calendar is organised by Mr Pouliard of Ster Kinekor in connection with Mr Frits Stegmann, and it again promises to be of outstanding quality. Bookings for the festival starts on March 5.

Some of the movies that deserve special mentioning are *Night of the Shooting Stars*, an Italian film by the Taviani Brothers, which tells the story of the night of Saint Lorenzo; *Clean Slate*, a black comedy which takes place in French Africa, and *Angelo my Love*, the story of a young American gypsy boy's love relationships with older women.

We are again going to see *The Rocky Horror Picture Show* and *A Flight of Rain-birds* which was shown at last year's festival.

This is really something to look forward to.

l'Art

STEL BEKEND: EUGÈNE IONESCO — 'VADER VAN DIE ABSURDE'

"SAID the barley to the cabbage, said the cabbage to the oats!" — *The Bald Prima Donna*.

'n Kontinent veg verwoed teen die stank van dood. Geveer. Skreeue. Pyn. God is dood. 'n Wêreld disintegreer tot verwarde mense sonder hoop. In die Luxembourgtuin in Parys ervaar 'n jong kind sy eerste toneel. Die poppekarakters dans uit tyd met die somberheid van 'n wêreld wat ontnem is van logika. Onuitwisbare foto's in die brein.

Eugène Ionesco beleef sy Dag van die Baarmoeder in 1912 in Roemenië. Sy kinderdae bring hy in Parys deur, maar keer in 1925 terug na sy geboorteland, waar hy hom vroeg al teen die terreur van opkomende Fascisme en Nazisme verset. Sedert 1938 woon hy in Frankryk.



EUGÈNE IONESCO

Vandag beskou ons hierdie literêre reus as die Vader van die absurde. Sy werk is 'n manifestasie van die gevoel van pessimisme en futiliteit wat ons eeu kenmerk, en wat spruit uit die globale verwoesting van die twee wêreldoorloë.

Sy medium is die teater van die absurde wat in essensie 'n na-oorlogse verskynsel is. Hierdie ervaring van 'n gevoel van absurditeit gaan hand aan hand met die ontugtering van die politieke en sosiale veranderinge van die twintigste eeu. Hy formuleer sy filosofie as volg.

"All our reason disintegrates in chaos. What can we know about justice... about history, the laws of nature, of the world, if the fundamentals of our understanding are unknown to us. It is better not to think. Do not think at all."

'n Groep jong akteurs van ons eie futiele lugleegte besluit op 'n "goeie" dag om Ionesco se heel eerste drama, *La Cantatrice Chauve* (Die Kaalkop Prima Donna) op te voer. Getrou aan die absurde tradisie rig hulle uitnodigings vir die opvoering aan die Koningin van Engeland, President Mitterand en Ionesco self, en lag vir mekaar. (Die absurde besit tog 'n komiese element.)

Verbystering toe Ionesco die uitnodiging aanvaar. Die man wat ons op 'n effektiewe wyse van ons werklike omgewing bewus gemaak het, kom. Hier na ons toe. En ons sien uit na hierdie gebeurtenis van woord en klank en mimiek. Deur die onsin sal ons kan kyk na karikature van onself. Slagoffers van 'n doelloos wêreld.

LOMIN SAAYMAN

digtersdebuteer digtersdebuteer

vir Johann ek en jy kan met goed bedoelde Idealisme (onthou jy: prioriteit aan die Idee) swart wit bruin grys redeneer rasionaliseer wens pleit môre sal die son weer skyn en god waak nog steeds swart bly swart wit wit (sover as moontlik) en ek en jy is crazy mixed-up kids maar ons wat weg was moet weer kom (dis 'n annerste son wat hier skyn)

RIAAN SMIT

PLATEPETALJES

Hulle sing in dun kinderstemme van dagga-dutchies en vrese

MUSICAL YOUTH: THE YOUTH OF TODAY

BORRELGOMMUSIEK dié. Die plaat bevat eintlik niks wat dit die moeite werd maak om te koop nie, behalwe as jy lawwe pret wil hê. Die beste snit, *Pass the Dutchie*, het 'n lang geskiedenis. Dit was oorspronklik as *Pass the Kouchie*, deur ene Earl Zero bekendgestel. Later het *The Mighty Diamonds* dit verwerk voordat dié jongklomp van gemiddeld 13 jaar dit beetgekry het.

Vir uitsaai is die woord "kouchie" (joint) verander na "dutchie", wat kookpot beteken. Die vervanging van drie letters in een woord was die beslissende faktor in die

groep se internasionale sukses.

Die res van die snitte blyk almal gebaseer te wees op die Dutchie-formule. Dit is egter kleuterskool-tipe melodieë, hoë stemme en baie eenvoudige instrumentasie. Na 'n ruk word die snitte baie dun.

Die enigste ander snit wat genoem kan word is *Gone Straight* wat op Bob Marley se *Natural Mystic* gebaseer is. Andersens kan die plaat net aanbeveel word om jou partytjie op dreef te kry.

★ ★ ★

TEARS FOR FEARS: THE HURTING (Soos in: dit maak baie seer)

DIÉ groep volg in die spore van Blancmange, Kajagoo en die baie swak Thompson Twins. Alhierdie groepe kom en gaan.

Tears for Fears maak musiek vir vandag se "sleek-a-chic" jongmense. Die plaat bevat 'n hele paar baie goeie snitte en dié mense kan beslis sing! Sang is iets waarin baie groepe afsteek by T.F.F. Dié groep het egter nie hulle eie styl nie en maak hul voorgangers na. Wat in hul guns tel, is die sterk melodieë wat na vore kom op *The Hurting*.

T.F.F. bestaan uit Curt Smith en Roland Orzabal, van Bath. Curt speel bas en Roland ghitaar, terwyl die tromme behartig word deur Manny Elias.

Curt sing *Mad World*, en op hulle kortspeler *Change*, is die prominente sanger Roland. Die snit *Suffer the Children* laat 'n mens baie aan *Joy Division* dink.

Oor die algemeen is T.F.F. se musiek die naaste aan *Duran Duran* se styl. Dit is veral merkbaar op *Memoires Fade* met sy Karibiese geur.

Die onderliggende tema van die plaat is om die vrese van kindwees te oorbrug. Dit probeer hulle regkry deur jou emosies te speel. Die enigste swak snit is *The Prisoner*, wat heeltyd haak en 'n mens nagmerries gee. Andersins is *The Hurting* 'n goeie album.

PIERRE DE SMIDT

Albie van Schalkwyk op klavier en klavesimbel.

PdQ, blykbaar die seun van JS Bach, was "... the last and the least, who had an irresponsible approach to music, and had a way of making instruments sound as if they had only recently been invented."

Die gehoor het die oefening vir vier hande op die altviool, begelei deur die klavesimbel, baie geniet.

Die musiek in al vier hier-

Cobwebs
Dorpstraat 145, Stellenbosch

VIR GESKENKE FOR GIFTS

Michael van

PLEK SÊ

(Koue en warm wegneem etes)

BAIEDANKIE

AAN ALSY STUDENTEVRIENDE WAT
HOM ONDERSTEUN HET
TYDENS KARNAVAL

ADRES.:
25 PLEINSTRAT
LANGS BARCLAYS
BANK

URE: MAAN-SAT. 7vm-2vm
SON. 8vm-2nm
6nm-1vm

Volkkas het 'n mooiloopdiens vir elkeen van jou raap-en-skraap- broekskeurdae.

Jongdae. Moeilike dae.
Maar goeie dae. Veral as jou
Volkkas-bestuurder jou ken. Hy't altyd
een of ander diens om aan te bied. Soos 'n
spaarrekening vir daardie wonder-wat-kos-'n-
tweedehandse-motor-dae. Studiehulp vir die dis-
dalk-beter-om-maar-te-gaan-swot-dae. 'n
Tjekboek vir daardie skenk-asseblief-u-
dringende-aandag-aan-hierdie-rekening-
dae. Kredietkaarte en 'n kitsbankdiens
vir daardie vanaand-gaan-ons-twee-
jaar-lank-uit-dae. Begrip en finansiering
vir die ons-wil-trou-pa-dae. Plus 'n
magdom ander finansiële dienste vir
al jou jongdae. Kom gesels met jou
Volkkas-bestuurder. Hy verstaan.



Volkkas



Jou bankgenoot deur dik en dun.



ALHOEWEL nie al die vlotte vanjaar ewe treffend was nie, het die Simba-vlot van Majuba en Lydia die oog gevang en ook met die louere weggestap. Hier gee Simba en 'n paar aanhangers hulle oor aan die waansin van karnaval.

Geldtrek vergemaklik deur nuwe "Bankman"

DIE Boland Bankgroep het vroeg in hierdie jaar 'n kitsbank in Neelsie se loopgang geïnstalleer. Die voordeel van die kitsbankkaart is dat dit by alle takkantore van Boland Bank en Distriksbank gebruik kan word.

Hierdie diens behels 24 uur toegang tot verskeie outomatiese tellermasjiene. Die "Bankman"-masjien is in Neelsie se loopgang aangebring.

'n Soorgelyke diens is reeds geruime tyd op die kampus van die Universiteit van Kaapstad beskikbaar. Dit word allerweë as 'n reuse sukses beskou.

Spesiale fasiliteite is ook beskikbaar vir verenigings,

klubs en koshuise. Alle transaksies op hierdie masjiene, sowel as die uitneem van elektroniese kaarte, is gratis.

Om van hierdie diens gebruik te maak, kan studente hul Bankmankaarte by die Bankmankantoor, Andringastraat 73, gaan uitneem (langs die Trust Bank-sentrum, oorkant die groot parkeerterrein).

'n Aantal banke en bougenootskappe, asook die Pos-

kantoor, werk tans aan die daarstelling van 'n deernetwerk van outomatiese tellermasjiene, wat volgens beplanning teen die einde van hierdie jaar in werking sal tree. Dit was 'n voorwaarde van die opening van die Bankman-outomatiese bankdiens dat alle finansiële instellings wat die diens wil deel, deur die Bankman outomatiese tellermasjiene geakkommodeer moet word.

Sosiale vlotte gee lewe aan optog

MET die tradisionele "drummies" en minder tradisionele "bummies" van Tygerberg aan die voerpunt, het die jaarlikse Karnaval-optog weer amok gemaak in die strate van Stellenbosch. Die besonder baie sosiale vlotte was hoofsaaklik verantwoordelik vir die ligter oomblikke, terwyl die koshuisvlotte opmerklik ernstiger was. Majuba en Lydia se Simba-vlot het uiteindelik gewen.

Die nuusbuletin van Saterdag, 18 Februarie, moes enige Matie so 'n bietjie voorbarig laat voel het veral nadat SAUK-TV RAU se "dinky-toys" met óns karnavalvlotte vergelyk het.

Bummies

Met "drummies" en "bummies" vooraan, sal dit sekerlik onthou word as een van die swierigste Karnavaloptogte wat Stellenbosch nog

gesien het. Die tema, 'n Advertensiemal-Karnaval, het aan die borge die geleentheid gegee om groot somme geld beskikbaar te stel, en ewe veel waarde daaruit te put. Die dimensies wat die vlotte aangeneem het, het dan ook hiervan getuig.

Vir die eerste maal het al tien finaliste (op een vlot) die optog gelei. Hulle is gevolg deur uiteenlopende verbeeldingsvlugte: vanaf die

idilliese Mainstay- en Peter Stuyvesantvlotte, Militêre Akademie se wit boot (wat anders), tot by die lang arm van wiskundige moroniteit op Helshoogte se sakreke-naarvlot.

Sosiaal

Laastens was die sosiale vlotte almal 'n goeie lag werd. "Bloues" en "gwhappe" en "knolle" en "ditte" het 'n lang Vrydagnag deurgesit om miljoene blommetjies te vou. Dié het teen Saterdagmiddag saam met die leeggemaakte kollekteblikkies agter die koshuise in die wind rondgelê, terwyl daar bietjie asem geskep is voor die aand se karnavallery.

Die uitslae is bekend gemaak, en die eerste plek het gegaan aan Majuba en Lydia se Simba-vlot, wat 74 persent behaal het.

'n Mens wonder maar net of die paar gratis pakkies skyfies nie dalk net soveel

afrek by die beoordelaars as by die kinders gekry het nie. Militêre Akademie en Huis Neethling het die tweede plek ingeneem met 72 persent, terwyl Huis Div en Helshoogte naelskraap derde was met 70 persent. Ná die eerste drie plekke het die persentasies skerp gedaal en was die mededinging nie so sterk nie.

Die prys vir die beste sosiale vlot was moeilik te bepaal tussen al die vrot vis, braaivleis, wyn, water en meel wat roekeloos rondgeslinger is. Die mank mummie in die rolstoel en die duiker op die Klub Karibavlot was sekerlik sterk aanspraakmakers.

Eweneens, met die blikkies se geskud, is daar weer 'n klomp geld ingesamel vir USKOR in sy tiende bestaansjaar en kan die vreugde van Karnaval ook verder strek as Stellenbosch se kampus.



DIE nou al bekende gesig van Boland Bank se "Bankman". Die kitsbank is in Neelsie se loopgang aangebring.

Social Calendar Social

DE AKKER

Volgens ontstelde eerstejaars is die duivel los in De Akker. Die bekende Kaapse groep *All Night Radio* vergas nog steeds die gereelde uithangers met hul eiesoortige rock. Nico Burger, voormalige lid van *Slap and Tickle* is die aanvoerder van dié vyfmanskap. Die optredes begin elke Woensdag, Vrydag en Saterdag stiptelik om 20h00.

OU STAL

Die Ou Stal is besig om naam te maak met die gewilde promosies wat op gereelde grondslag aangebied word. Gedurende die vakansie is aangebou om in die behoefte aan ruimte te voorsien. *Slap and Tickle* vermaak die massa's elke Woensdag-, Vrydag- en Saterdag-

aand, terwyl *Snatch* Maandae, Dinsdae en Donderdae die voete laat jeuk.

Alle musiekbedrywighede begin stiptelik om 20h00.

THE MIDNIGHT GRILL

Dié gewilde eetplek voorsien weer rustige musiek wat in almal se smaak sal val. Donderdae vanaf 20h00 verskaf dié ghitaarspeler, Kevin, die nodige, terwyl Steve Walsh op Sondae vanaf 19h30 sorg vir atmosfeer.

LJ's

So tussen die pizzas deur word jou oorwas deeglik gesmelt deur 'n ghitaarspeler, Wynand du Plessis. Diegene met 'n smaak vir die buitengewone word aangeraai om so gou moontlik daar 'n draai te gaan maak en jou te verstom.

LANZERAC

Die stoep is nog steeds dieselfde, die Student's Pub is nog dieselfde, die rugbyspelers nog dieselfde... gaan dus net voort waar julle na die eksamenuitslae opgehou het.

DENNESIGSTRAAT 16

Hierdie pasgeopende Mekka vir studente beloop om nog groot hoogtes te bereik voor die einde van die kwartaal. Tans kan smaaklike etes teen 'n baie billike prys daar genuttig word, maar ongelukkig is dit nog nie gelisensieerd nie. Bring gerus jou eie kannetjie of twee saam. Die flinke diens en aangename atmosfeer kan net bydrae tot 'n genotvolle aand. Oop vanaf 13h00 tot laat, ook deur die week. Navrae by tel. 70543.

STELLENBOSSE STUDENT

AANSOEKE ingewag vir die volgende poste op die redaksie van die SS:

Redakteurs:	Verslaggewers:
Algemeen	Algemeen (3)
Kuns	Kuns (1)
Koshuise	Koshuise (1)
Studenteraad	Studenteraad (1)
Verenigings	Verenigings (1)
Sport	Sport (1)
Taal	

Proefleser
Sirkulasie (2)
Advertensies

Aansoeke moet gerig word aan:

Die Voorsitter, Die Publikasiekomitee, SR-kantoor
Aansoekvorms is in die SR-kantoor beskikbaar.

Sluitingsdatum: Woensdag 14 Maart om 12h00.

INTERVARSITYKOMITEE

AANSOEKE vir die volgende poste op die Intervarsitykomitee word ingewag.

Konvenor	1	Reklame	4
Sekretaresse	1	Kaartjies	2
Tesourier	1	Vervoer	2
Sing Songs	5	Danse	2
Groot Brag	3	Klere	3
Sjampanjenoel	2	Funksies	2

Alle aansoeke moet gerig word aan:
Die Intervarsitykomitee, SR-kantoor, LSS.

Aansoeke moet die volgende bevat:

Naam, adres en telefoonnommer
Relevante ondervinding
Rede vir aansoek.

Sluitingsdatum vir aansoek is 18 Maart 1984.

Koei-fiksasie is redakteur se geheim

"EK het nog nooit in my lewe 'n koei gemelk nie, maar jy kan dit 'n ekstensie... (dis tóe dat kampusbeheer ingeroopt is om as arbiter op te tree in die saak Redelinghuys v Die Afrikaanse Taal)... van my persoonlikheid noem. "Dis nou mnr. (sic) Jackie Redelinghuys, nou reeds berugte redakteur van die Akkerjool '84.

Die hele uitgawe (35 000) Akkerjoolle is verkoop. Die blad is volgens mnr. Redelinghuys (nie-amptelik) aangewys as die beste joolblad van 1984.

Hoekom 'n koei op die voorblad? "Ek hou van pap bekke en het jy al ooit warm mis deur jou tone gevoel gly? Die koei (ongegag die formaat) bly vir my 'n simbool van ons permissiewe gemeenskap."

Vir sommige het net die getmor van die (dekadente) humor oorgebly. Dis nou as hulle nie bladsy 83 vermy het

nie. Mnr. Redelinghuys se kommentaar oor die Rektor se verbod op die verspreiding van die Akkerjool is ge-



MNR. REDELINGHUYS

sensor op aandrang van die volgende persone en instansies:

Die redakteur van die SS, die LV vir George, die Vrolike Vinkies, Oom Samie se Winkel, die S.P.C.A. (Society for the Prevention of Cruelty to Alcoholics), die Kavalier, Twentieth Century Fox en die brakkie van die Rektor se jongste dogter.

GEOKTROOIEERDE REKENMEESTERS (SA)

LOUDITEURE

LEERKONTRAKTE EN VAKANSIEWERK —
LEERLING-REKENMEESTERS

DOEN U PRAKTIESE ONDERVINDING OP BY 'N
FIRMA WAT DIE OPLEIDING VAN SY PERSONEEL
AS EEN VAN SY VOORSTE PRIORITEITE STEL.

★ 'N LANDWYD-GEKOÖRDINEERDE INDIENS-
OPLEIDINGSPROGRAM

TREE IN VERBINDING MET DIE PERSONEELVENNOOT, THERON VAN DER POEL,
POSBUS 2799, KAAPSTAD. TELEFOON: 021-216006.

OOK TE BELLVILLE, STELLENBOSCH, PAARL, GEORGE, JOHANNESBURG, PRETORIA EN DURBAN.

★ PRAKTIESE ONDERRIG IN GEVORDERDE OU-
DITTEGNIKE — REKENAARODITS — STA-
TISTIESE METODEDES

★ BYSTAND MET UNIVERSITEITSSTUDIES

★ VORDERING VOLGENS MERIETE

★ MEDEDINGENDE SALARISSE EN BYVOORDELE



Die Matie

Donderdag, 1 Maart 1984



Sulke doop is gevaarlik

DOOP bestaan op Stellenbosch.

Doopkapteine en seniors hou vol dat die eerstejaars slegs geïntereerd word. Die woord "oriëntering" beteken ongelukkig in die Matie-idiom dat "jy blitsig moet besef dat jy min regte het" en "hier is om senior studente van hul 'meerderwaardigheid' te verseker".

Van oriëntering ten opsigte van akademie, 'n nuwe soort sisteem, belangstelling en aanpassing opsigself is daar min sprake — veral van seniors se kant af.

Eerstejaars moet nog steeds vreemd aangetrek in die openbaar verskyn, met pakke klas toe gaan op snikhete dae, vreemde dansies uitvoer om seniors te groet en so aan. Die "oriënteringsdoel" van al hierdie aktiwiteite bly vaag.

Praktyke soos tekkiepartye en deegpille vind (hopelik) nie meer plaas nie. Doop vind nog vryelik plaas op 'n meer sielkundige vlak. Hierdie is 'n veel gevaarliker praktyk. Nuwelinge se eerste weke op kampus is reeds 'n spanningsvolle en emosioneel-uitputtende tyd. Dit word uitgebuit en vererger deur seniors vir hul eie pret asook die kans om 'mag' te hê oor ander.

Senior studente speel met vuur met hul gevaarlike speletjies met eerstejaars se emosies sonder dat hul daarvan bewus is.

Die hoeveelheid eerstejaars wat emosionele skade en aanpassingsprobleme opdoen as gevolg van die sogenaamde oriëntering is meer as wat enigeen besef. Hierdie gevalle kom selde openlik na vore. Min aandag word daarom gegee aan dié ernstige probleem.

Die een of twee koshuise of privaatwyke waar begin is om doop daadwerklik te bekamp verdien baie lof. Seniors en owerhede behoort ook meer aandag te gee aan die uit-skakeling van enige sielkundige afkraking van nuwelinge.

Die SP-ondersoek na beweerde viktimisasie van eerstejaars is baie nodig. 'n Mens hoop dat alle betrokkenes bygereken sal word en dat dringende aandag veral aan die bogenoemde probleem gegee sal word.



"Buitendien, Carina, die oom sê jou 'tan' is te bruin . . ."

EDUCATION SYSTEM

Good results sought at expense of a good education

MATRIC certificates are "horribly over-rated things," according to University of Cape Town education lecturer Mr Nigel Bakker.

Mr Bakker said society assumed that the matric certificate was "a very important piece of paper".

"Yet our education is missing out on the most important thing — preparing children to cope with life in the 21st century.

these courses would lead to a very lucrative position, give prestige in the community or guarantee a job.

Mr Bakker said that often society and parents pressured children to get an education beyond their ability.

"I don't think a university education is necessarily a good thing at all. A lot of children would be far happier going to a technikon and taking up a trade.

"I was delighted recently when I heard of a matriculant who got a distinction with at least four A symbols and became a motor mechanic."

Mr Bryan Nicolson, a

"Education should look more at a person's needs than blindly try to slot him into the university system" says Mr Nigel Bakker, UCT-education lecturer in an interview with Linda Vergani, Weekend Argus reporter.

Issues

"All the children who are being taught in our schools today will be adults in the 21st century. Yet our schools rarely touch on learning to cope with change or current social issues."

"Schooling has become nothing more than a step-

bus. This would enable the staff "to truly educate the child and adequately prepare them for matric".

Many parents, "especially those with younger children", were willing to go along with this.

Mr Nicolson said that at present children often left "to go to cram colleges where they can take a soft option like physiology, which is no substitute for biology.

to leave the school.

"Once the children have been failed two or three times they become social misfits."

Mr Nicolson said it was not a question of children being gifted, either academically or in the trades.

Parents

Often children performed poorly in both areas and the reason could be the home circumstances — for instance the parents might be going through a divorce.

Ideally education should look at the total needs of the child and try and match the syllabus to these needs, rather than try to slot the child into the university system.

Sacrifice

"The universities do not differentiate between Joint Matric, National Senior or Education Department matrics, although JMB is known to be of a higher standard than the others. Children who are apprehensive about getting into particular university course are often willing to sacrifice a more rounded education for those final symbols."

Dropout

"I don't think our South African education system takes into account anybody who doesn't keep up with the normal. You are either a success or a dropout.

"In certain schools they value their reputation for matric results so highly that they will not allow children, who are likely to bring down the general standard, to write matric. They fail them or in extreme cases put pressure on them



"We don't prepare children to cope with life in the 21st century."

ping stone to a career. There is a terrible stigma attached to not getting a good matric and not getting a job that is considered elite.

"When we did a study of first-year students who dropped out we found the most powerful reason was that they were taking courses they did not want to take. They believed

member of the college of teachers at the Waldorf School in Constantia said he believed good matric results were often obtained at the expense of "a good education".

Because of this the school, which offers "an alternative education", was considering introducing a 13-year syllabus instead of the present 12-year syllabus.

SENIOR REDAKSIE

HOOFREDAKTEUR: CORINNE OOSTHUIZEN, Dorpstraat 22, (Tel. 72185)
REDAKSIEKANTOOR: Langenhovensentrum nr. 435, 436 en 438 (Tel. 72332 en 5979)

BOODSKAPPE: Sekretaresse, SR-Kantoor, LSS (Tel. 70138); Posbus nr. 20

ASSISTENT-HOOFREDAKTEUR: COBUS SMIT, Merrimanlaan 42

ADVERTENSIEBESTUURDER: STEVE ROSENDORFF, Jonkershoekweg 42 (Tel. 4942 (na ure) of 5257)

HOOFNUUSREDAKTEUR: FINLAY TAYLOR, Langenhovenstraat 11

AKTUELE REDAKTEUR: VAKANT

NUUSREDAKTEUR: ERIC LE GRANGE, Huis Marais (Tel. 6500)

SPORTREDAKTEUR: HUGO LAMBRECHTS, Majuba (Tel. 2010)

KUNSREDAKTEUR: STEFANIE HEFER, Jan Celliersstraat 5

SOSIALE REDAKTEUR: CARINA KOEN, Skuilhoek (Tel. 73721)

INTER-UNIVERSITÊRE REDAKTEUR: ANTON STEENKAMP, Eendrag (Tel. 72610)

TAALREDAKTEUR: KOBUS FAASEN, Pelikaanstraat 23 en CAROL CHRISTIE, Monica (Tel. 3118)

HOOFFOTOGRAAF: GRAHAM VAN HEERDEN, Louwstraat 12, Durbanville (Tel. 021-963401)

SPOTPRENTTEKENAARS: FRANS BASSON, Majuba; ADRIAN LOUW, Majuba

SUB-REDAKTEURS, NUUS: Riaan Smit

NUUSVERSLAGGEWERS: M. Honey, H. Schneider-Waterberg, R.F. de Kock, A. du Toit, C. Kloppers, E. Lesch, A. van der Spuy, A. Siegrühn

SUB-REDAKTEURS, SPORT: Gerhard van Eeden en Elmarie Engelbrecht

SPORTVERSLAGGEWERS: C. Dercksen, L. van Eeden

SUB-REDAKTEUR, KUNS: Doria Joubert

KUNSVERSLAGGEWERS: E. Hefer, H. Marais, M. le Roux, L. Viljoen, A. van Zyl

SUB-REDAKTEUR, SOSIAAL: Betsie Brown

SOSIALE VERSLAGGEWERS: C. du Plessis, B. Claassens, L. Stuart

SUB-REDAKTEUR, INTER-UNIVERSITÊR: Anton Steenkamp

INTER-UNIVERSITÊRE VERSLAGGEWERS: A. van Wyk, O. Dupper, M. Pienaar

FOTOGRAWE: M. Venter, L. van der Vyfer, B. Booyens, K. van der Merwe

Aansoeke ingewag

AANSOEKE word ingewag vir die volgende poste in die redaksie van *Die Matie*:

Aktuele Redakteur.

Sub-Redakteurs: Sport

Sosiaal

Verslaggewers: Nuus

Kuns

Sport

Inter-Universitêr

Sosiaal

Aansoekvorms is beskikbaar in die SR-kantoor bo in die LSS.

Sluitingsdatum: 14 Maart 1983 om 12h00.

**OPENINGS-
VERGADERING**
REGSLUI VIR
MENSEREGTE

Donderdag,
8 Maart, 19h30
Ou Hoofgebou

Me. Ghenaz Meer
van Legal Resources
Centre, Kaapstad is
die spreker oor:

*Kan menseregte in
regsreëls en die
praktyk ve:wesen-
lik word?*

COETZENBURG-SWEMBAD

Nuwe maatreëls skep verwarring

NUWE sekuriteitsmaatreëls is vanjaar by die Coetzenburg-swembad ingestel. 'n Groot grys hek en indrukwekkende versperrings bo-op die mure is onlangs aangebring. Dié nuwe maatreëls het die vermoede onder studente geskep dat daar vanjaar strenger teenoor middernagtlike en naweek-besoekers opgetree gaan word.

Groot verwarring bestaan by studente en woordvoerders van die Universiteit oor ontspanningswemtye by dié swembad.

Weeksdae

Volgens die Sportsekretaris van die Universiteit, mnr. P.J. Retief, is die swembad elke woensdag van 14h00 tot 17h00 oop vir studente. Sogenaamd dit vir klasse in liggaamlike opvoeding gebruik. Die swembad behoort trouens aan die Departement

ment Liggaamlike Opvoeding en word as vergunning vir ander studente oopgestel, sê hy.

"Die swembad is nie standaardgrootte nie en dus nie geskik vir kampioenskappe nie. Dit is daar vir studente wat lafenis soek, maar ongelukkig oefen die watersportklubs in die middag. Voorkeur moet aan hulle gegee word. Klublede betaal immers ledegeld," sê hy. Die klub oefen gewoonlik vanaf 16h30.

Mnr. Retief sê dat die swembad ook op 'n Saterdag van 09h00 tot 19h00 oop is. Waterpolowedstryde word egter dikwels op 'n Saterdagmiddag gespeel, waartydens studente net die water moet verlaat.

Ontspanning

Volgens die hoof van die Departement Liggaamlike Opvoeding, prof. B.F. Thiart, word probeer om die swembad soveel moontlik te gebruik as ontspanningsfasiliteit. "Die swembad is gebou vir die Departement, maar wanneer daar nie klasse is nie, stel ons dit graag oop vir alle studente," sê hy. "Studente moet egter onthou dat dit 'n voorreg is en nie 'n reg nie."

Mnr. J.J. van Vuuren, toesighouer by die Departement, sê dat daar geen vasgestelde swemtye vir studente is nie. L.O.-klasse word dwarsdeur die dag, ook in die middag, aangebied. "Dit is immers 'n departementele swembad; 'n klaskamer wat toevallig buite is.

"Ons gebruik ons eie diskresie in dié verband. Sogenaamd maak ons dikwels die hekke oop tussen periodes, omdat die paar studente wat dan kom swem, weer maklik verwyder kan word. In die middag omtrent die situasie heeltemal. Studente en skoliere oorstroom die swembad en dit is moeilik om hulle

voor 'n volgende periode uit die swembad te kry. Daarom hou ons dikwels die hekke gesluit tussen periodes."

Volgens mnr. Van Vuuren is die swembad op 'n Saterdag net van 08h00 tot ongeveer 12h00 oop. Universiteitspersoneel mag in daardie tyd die Departement se muurbalbane gebruik en die bodes wat daar toesig hou, hou sommer 'n ogie oor die swembad.

Die onbevredigende situasie aangaande definitiewe swemtye vir studente geniet tans aandag. Die moontlikheid van beheerde toegang word byvoorbeeld ondersoek. Dit behels permanente toesighouding en toegangsbeheer m.b.v. studentekaarte. Sodoende sal die probleem met skoliere uitgeskakel word. So 'n stelsel het egter finansiële en administratiewe implikasies.

Alternatiewe

Die enigste alternatiewe, nl. die bou van 'n openbare swembad deur die munisipaliteit of 'n tweede swembad deur die universiteit, is tans buite die kwessie.

Mnr. P.J. Lombard, stadsraadslid en Direkteur van die Departement Ontwikkeling, US, sê: "Dieselfde situasie bestaan by die munisipaliteit en die Universiteit. Albei wil graag 'n swembad as ontspanningsfasiliteit bou, maar albei het veel hoër finansiële prioriteite.



SWEMMERS by die Coetzenburg-swembad. Die oprigting van versperrings het by sommige studente die indruk gewek dat beperkings geplaas gaan word op die gebruik van die swembad vir ontspanningsdoeleindes.

'Vroue moet harder werk vir sukses'


"DIT is moeiliker vir vroue en anderskleuriges in ons land om bo uit te kom, maar wat daarvan? Werk net harder. Sukses diskrimineer nie." So sê me. Reeva Forman, Sakevrou van die Jaar in 1983.

Me. Forman het op 25 Februarie vroulike leiers van die Universiteit van Stellenbosch toegesprek op 'n tuinparty wat deur die Damesbelangekomitee gereël is. Huiskomitees, Studenteparlements- en Junior Breëbestuurslede van dameskoshuise is uitgenooi na die tuinparty op Vredenburg, spogplaas van mnr. J. Neethling.

en jy bereik dit, is jy net so suksesvol as iemand wat sy ideaal van 'n R350 000-hereduis vervul. Elke mens moet net ideale hê en glo dat hy dit kan vervul. Daar is 'n liedjie wat lui: "As jy nie 'n droom het nie, hoe kan jy 'n droom bewaarheid maak?"

Volgens me. Forman hoef beroepsvroue nie skuldig te voel teenoor hul gesinne nie. Die rede vir mislukte huwelike is nie net ekonomies-aktiewe vroue nie, maar eerder negatiewe binne die huwelik.

Albei geslagte het beroeps- en persoonlike ideale. Die vrou moet leer om opgewonde te raak oor haarself, haar huwelik en haar loopbaan.



Menseregte

"Ek is nie 'n vegter vir vroueregte nie, maar 'n vegter vir menseregte," sê sy. Mans en vroue moet leer om in hul persoonlike lewe en hul loopbane liefde te gee eerder as haat, erkenning eerder as kritiek. Dit is die universele wet van sukses.

Vermoë

'n Elegant-geklede me. Forman — sy was vyf jaar 'n internasionale model en twee jaar Suid-Afrika se topmodel — se toespraak oor die vrou en sukses is met geesdrif gelewer en ontvang.

"Alle mense word gebore met die vermoë om suksesvol te wees. As dit nie so was nie, was die Skepping onregverdig," sê sy.

Nogtans is slegs twee uit elke honderd mense suksesvol. Die rede hiervoor, sê sy, is dat mense van kleins af geleer word om negatief te dink. 'n Baba val baie as hy leer loop. Hy kry seer; hy huil. Maar omdat hy wil loop, kry hy dit tog reg. As 'n volwassene moes leer loop, sou hy ná die eerste val moed opgee en sê: "Ek kan nie loop nie. My talent is iewers anders."

Negatiewe

Hierdie negatiewe houding word dikwels onder die dekmantel van diskriminasie verberg, sê sy. Hoe moeilik dit ook is vir sekere groepe in Suid-Afrika om te presteer, is dit moontlik. Ons woon in 'n kapitalistiese land. Sukses vra net geloof en motivering.

Maar wat is sukses? Sukses is die vervulling van ideale, sê sy. As dit jou ideale is om 'n R35 000-huiste koop

UITBUITING

Ondersoek duur steeds voort

DIE ondersoek oor beweerde uitbuiting van PSO-studente ten opsigte van losies in die Stellenbosch/Tygerberg-area deur 'n SP-komitee duur voort.

Na bewering is daar gevalle waar huiseienaars tot R250 meer vir 'n perseel ontvang as wat deur die Huurwet (1949) toegelaat word. Verdere gerugte lei dat huurverhoging op 'n onbeheerde wyse geskied en dat sommige gevalle gewoon strydig is met gesondheidsregulasies.

Die situasie het ontstaan as gevolg van 'n toenemende aanvraag en 'n konstante aanbod. Huiseienaars ondervind na bewering weinig probleme met die verhuring van lokale. Na bewering skep dit

'n situasie wat geleentheid vir uitbuiting bevorder.

Getuïenis kan voortaan op Donderdae tussen 13h00 en 14h00 in die Regter Van Zijl-saal (by die Verenigingskantore) afgeleë word.

Skriftelike getuïenis kan gerig word aan: SP-Kommissie van Ondersoek: Bewerde uitbuiting van PSO-studente, Studente Parlement, Kamer 441, LSS, Stellenbosch, 7600. Sodanige getuïenis moet vergesel wees van 'n volledige naam en adres.

Volgens die statuut moet nominasies skriftelik wees en die skriftelike aanvaarding van die nominasie deur die genomineerde onderteken wees.

Stembrief

In die geval van 'n verkiesing mag 'n persoon wie se naam nie op die rol verskyn nie en dus nie voorsien is van 'n stembrief nie, dit op aanvraag van die sekretaris verkry. Verlore of vernietigde stembriefies kan vervang word deur die sekretaris.

Black earnings: study reflects bleak picture

OPTIMISM about rising wages and an improving standard of living for SA's black population has been dampened by the Second Carnegie Inquiry into Poverty and Development. This is a study conducted by UCT-economics student, Mr Stephen Devereux.

Mr Devereux does not dispute the statistical evidence which shows substantial income redistribution from white to non-white groups. He warns, however, that such optimistic figures may obscure a tendency for some blacks to gain at the expense of others.

Mobility

Real black wages have risen enormously over the past decade. Relaxed job reservation and the growing need for skilled labour led to increased upward mobility for blacks.

Mr Devereux warns that these positive trends do not go far enough to alleviate the poverty of the majority of blacks. Rising wages may even have been offset by rising unemployment and hardship amongst those excluded from education — particularly in the homelands.

Mr Devereux points out that inflation has had a great impact on the lower income groups. They have suffered higher cost of living increases, mainly because food prices have soared faster than any other item, particularly during the second half of the decade.

Mine wages increased eight-fold during the 1970's. According to Mr Devereux, though, when inflation is taken into account, wages over the ten years only just doubled. Mine wage increases set the pace for increases in manufacturing and government services. These, Mr Devereux says, are subject to the same inhibitions.

Increased wages had an unexpected detrimental effect on black workers in certain sectors. To offset rising costs, Mr Devereux argues, employers often chose to retrain semi- and unskilled workers.

Alternatively employers placed women in unskilled jobs — at salaries approximately 80 per cent that of males.

Malnutrition

The net result is a rise in black wages coupled with a rise in black unemployment. Mr Devereux concludes that only blacks fortunate enough to be absorbed into modern sector employment have benefited in the past decade. "The rest — possibly the majority — remain trapped in low-employment rural areas, facing malnutrition and disease."



ME. KARIN STRYDOM, voorsitter van die Damesbelangekomitee en me. Reeva Forman.

NOMINASIES vir die Kanselier word tans deur die sekretaris van die konvokasie, die Registrateur, mnr. R.P. Conradie, ingewag. Die sluitingsdatum vir nominasies is 9 Maart 1984.

H.B. Thom

Prof. H.B. Thom, vorige Kanselier van die U.S., is op 4 November 1983 in die ouderdom van 78 jaar oorlede. Hy is op 6 Mei vroeër daardie jaar as Kanselier ingehuldig. Prof. Thom was van 1954 tot 1969 rektor van die U.S. Hy was ook aan die Uni-

versiteit verbonde as hoogleraar en dosent.

Nagraads

Daar was verwarring onder nagraadse studente oor die stemberegtigtheid van nagraadse en oud-studente en die uitstuur van stembriewe aan die studente. Sommige

van die studente het nie sulke kennisgewings ontvang nie. Elke lid van die konvokasie word volgens statuut skriftelik gevra om nominasies. Indien meer as een nominasie ontvang word, word 'n verkiesing deur die sekretaris van die konvokasie uitgeskryf. In die geval van 'n verkiesing word alle lede van die konvokasie vol-

gens statuut skriftelik in kennis gestel van die verkiesing. 'n Gedrukte stembriefie met die name van die kandidate word ook by die kennisgewing ingesluit.

Konvokasie

Alle lede van die konvokasie is stemberegtig. Dit im-

pliseer dat elke student en oud-student wat al ten minste 'n graad aan die U.S. behaal het, stembereg het wanneer die Kanselier of lede van die senaat gekies word.

Adresse

Statutêr is dit die plig van elke lid van die konvokasie om sy naam en adres by die

perspektiewe en dinge

EERSTEJAAR dom. Eerstejaar moet leer. Dis waarvoor hy Stellenbosch toe kom. Eerstejaar verward. Eerstejaar soek sy klasse. Soek sy rooster. Soek die Stellenbosse Idee. Maar die Akkerjol het nie 85 bladsye nie. Helaas Eerstejaar vind nie.

Mnr. Senior sê hy bestaan wel. Eerstejaar soek dus.

ton. Hulle kon hom nog nie vind nie. "Julle sal hom soek tot julle hom kry! Die mense wat voor julle in hierdie gange geloop het, het hom almal geken. Almal wat Stellenbosch ervaar het, weet wie hy is. So sal julle hom ook moet leer ken! Julle sal hom soek! Al neem dit nou ook dertig jaar! In die proses sal jy alles gee vir

cobus smit

jou huis. Jou huis gee niks vir jou nie. Jy maak die huis. Jy sal nie apaties wees nie. Jy sal op sportgebied presteer, Stellenbosch is immers bekend vir sy sport. Jy sal elke Vrydagmiddag vir jôu spanne kom cheer. Mettertyd sal jy hom ook leer ken!"

Hy was nie by die aanlegtoetse nie. Hy was ook nie by die ontmoeting met die dameskoshuis met wie hulle Karnaval sou hê nie. Hy was ook nie in die roomys wat hulle saam met Huis Aandblom gaan eet het nie. Verder kon hulle hom nie kry toe hulle gister

aand konsert gehou het nie. Hulle kon hom glad nie vind in die nat toilet papier waarmee hulle toegejuig is nie. Hulle het hom ook nie by die Rektor se onthaal raakgeloop nie. Hy was definitief nie in die warm Sparletta nie en nog minder in daai oliebol. Verder was hy ook nie die aand by toe hulle ingelyf is nie. Met Karnaval kon hulle hom nie opspoor nie. Die soektog het bly voortduur.

Ek moet sê ek was poot-uit. Ek het nie eers gesoek nie. Maar al die rondloop was uitputtend. En kan Stellenbosch vir jou warm word. Ek was maar te bly toe ek weer kon rus in die donkerte van die klerekas.

Eerstejaar kry warm. Eerstejaar staan in 'n lang ry om boeke te koop. Voor en agter Eerstejaar staan baie mense, maar nie een van hulle is die een wat hy (nou al) tot vervelens toe soek nie.

Daarna het Eerstejaar klas. Hy raak aan die slaap. Die dosent slaan op die kateder. "Net om julle wakker te hou", sê hy vriendelik. "Ek weet dis maar swaar om in hierdie

tien voor drie klasse wakker te bly, veral as jy laat gaan slaap het en weer vroeg moet opstaan."

Die soektog het my stadigaan begin irriteer. My frustrasie het by my segmente begin uitkom. Ek was maar te bly as ek nie die dag hoof saam te gaan nie. "Dis in elk geval te warm," het ek Eerstejaar hoor sê.

Toe verskyn die eerste uitgawe van die jaar van die studentekoe-rant, *Die Perdeby* of so iets. Eerstejaar was so verbaas om te sien daar is 'n ander kant van doop. Hy was ont-nugter toe hy die laaste sin van die uwe se rubriek lees. Wat Eerstejaar egter nie besef het nie is dat die uwe kon sien hoe ont-nugter hy was om te sien dat dit alles een groot klug was/is/sal wees!

Ek was daardie aand baie kwaad, Eerstejaar het pos gekry: Ma het 'n pakkie gestuur met 'n briefie by. Dié skryf toe dat hy tog 'n geel en groen band in sy kas moet spuit. Vir al die vlieënde en kruipende insekte. Die uwe was egter een van daai wat gereeld op TV verskyn en sê: Daar is selfs insekte wat 'n kernaanval kan oorleef. Viva la Baygon groen en geel!

Wat Eerstejaar baie kwaad gemaak het, was toe hy eers begin klas bywoon en sy vriende hom begin vertel dat hulle nie meer gedoop word nie. Hulle hou hul eenvoudig nie meer met belaglikehede op nie! Hulle word slegs rondgeneem om te sien waar wat is. Verder doen hulle hul eie ding. Hulle kies self met watter koshuis hulle wil braai (as hulle wil).

Eerstejaar was boos! Gelukkig het hy die ander dag een van sy vriende (wat al langer op die Bos is) hoor sê dat doop die afgelope jare sterk agteruit gegaan het. Al wat hy kon hoop is dat dit bespoedig word.

(Terloops, die Stellenbosse Idee wat as verwagting by hom geskep is, was ook nie in die klas nie!)

O ja, byna vergeet die uwe die laaste sin waarna Eerstejaar so uitsien: Jy hoef nie meer jou kamer 'n geel en groen band te gee nie: Die Stellenbosse Idee is dood! Lank leef die mite!

MANNA



By die ópgaan

Heer ek wens ek kon my sonde in die kassie langs die preekstoeltrappies, voor ek in U Naam open, bondel by die blikkie Flurit en die opvryflappies.

— I.L. de Villiers

SR gaan met Noorde praat

NA die vakansie was die Studenteraad reeds goed op dreef tydens hul eerste vergadering, op 21 Februarie, wat baie langer as die beplande twee uur geduur het.

Die groot opwinding hierdie kwartaal is die SR-toer na die noordelike kampusse. Me. Karin Strydom se groot bekommernis om te sien waar wat is. Verder doen hulle hul eie ding. Hulle kies self met watter koshuis hulle wil braai (as hulle wil).

Eerstejaar was boos! Gelukkig het hy die ander dag een van sy vriende (wat al langer op die Bos is) hoor sê dat doop die afgelope jare sterk agteruit gegaan het. Al wat hy kon hoop is dat dit bespoedig word.

(Terloops, die Stellenbosse Idee wat as verwagting by hom geskep is, was ook nie in die klas nie!)

O ja, byna vergeet die uwe die laaste sin waarna Eerstejaar so uitsien: Jy hoef nie meer jou kamer 'n geel en groen band te gee nie: Die Stellenbosse Idee is dood! Lank leef die mite!

borg vir die bou daarvan.

Mnr. Nicholas Myburgh was besig om ondersoek in te stel na die verspreiding van 'Anti-Doop' pamflette op die kampus. Die saak is ook op die Studenteparlamentsvergadering van 28

Februarie geopper in 'n mosie van mnr. Frank Raymond wat eenparig aanvaar is. Die mosie gee 'n opdrag aan die Uitvoerende Komitee van die Studenteraad om ondersoek in te stel na "die bestaan, werkswyse en bevoegdhede van die sogenaamde 'anti-doop komitee', en "bewerings van viktisasie ten opsigte van eerstejaarstudente". Twee ander mosies wat handel oor ander oriëntering en die inkomtye van damestudente, is ook op die SP-vergadering bespreek.


'n Mosie deur me. Narine Engelbrecht ingedien, "dat 'n komitee van drie SP-lede aangestel word om die moontlikheid van finansiële vergoeding aan SP-lede te ondersoek", is verwerp. Die Junior Breëbestuur gaan genader word om 'n veldtog te loods "teen vandalisme en rommelstrooiery op die kampus". 'n Mosie in dié verband is deur mnr. B.F. de Villiers en me. H. Lourens ingedien. Deel van die motivering van dié mosie was dat die JBB dan nie meer sal kan kla dat hulle al die vuil werk op kampus moet doen nie.

Die studentebelangekomitee gaan opdrag kry om ondersoek in te stel na beweerde onprofessionele standaarde in die huidige eksamentoe-stande, en om aanbevelings in dié verband aan die SP voor te lê. Die betrokke owerhede gaan versoek word om die relevante verbeterings aan te bring. Mnr. Frank Raymond en Gerrit de Vos was verantwoordelik vir die mosie. Laastens het die SP "sy goedkeuring verleen aan gereelder skakeling tussen die studente op Stellenbosch en die studente by die Militêre Akademie".

Uit die SR

MARISA HONEY

Balance



This above all: To thine own self be true . . .
from Shakespeare's Hamlet

Argitektuur van KGB onstellend

ONTSTELDE MATIE skryf:

DIE nuwe biblioteek laat menige mense spin. Sommiges spin van opgewondenheid oor die pendeltoeg wat met sy neus in die Rooi Plein geland het. Ander is ontsteld omdat daar nie fietsrakke is. Ek is *plein* boos omdat my fiets gesteel is. Iemand moes hom weggedra het met slot en al. Gelukkig verneem ek nou dat fiets nie meer oor die Rooi Plein mag ry nie, dus sal fietsdiewe nie meer so maklik kan weg kom nie.

Bogronde

Die ontstellendste is egter die argitektuur van die bogronde dele van die KGB. Ek vind die lugreëlingsstelsel van die Natuurwetenskappe-gebou (Botanie) afstootlik. Dit bederf die hele argitektuur van dié gebou. Die argitektuur van die ander omliggende geboue word gelukkig gekomplimenteer.

Terloops, ek het verneem dat daar blykbaar 'n bepaling in die testament van J.S. Marais, 'n weldoener van hierdie Universiteit was, wat bepaal het dat daar nooit op hierdie plein gebou mag word nie. Klaarblyklik is die testamentêre bepaling slinks omseil.

Atrium

Ter afsluiting wil ek darem iets positiefs sê. Ek geniet die oop atmosfeer wat deur die hele KGB heers. Ek hou van die plante in die atrium.

Onrustig

Die tuin bo-op behoort goed te lyk wanneer die plante eers groot is. Dit is egter tog jammer dat die grasperke ietwat verheve is bo die plein. Dit skep 'n ietwat onrustige atmosfeer. Dit sou miskien beter wees as dit gelyk met die plein was.



Die briewe vir publikasie moet gerig word aan: Die Redakteur, Briewe, Die Matie, Langenhoven-studentesentrum, Stellenbosch 7600.

VERKEERDHEID

Hoeveel ken dié opwindende seën?

VERKEERDE MENS skryf:

TEL jou seënige, tel hul een vir een. Dit word nogal heel dikwels aan ons opgedra om ons seënige te tel. Onwillekeurig begin die lys: dat ek kan sien, hoor, loop en praat. Waarskynlik is nie een van ons tevrede wanneer ons hierdie "alge-

mene" seënige klaar getel het nie en vul elkeen van ons sy eie unieke seëninkie by die lys en sluit dan sy oë en slaap rustig.

Hoeveel van ons waardeer of ken egter die seënige van verkeerd wees. Dit is seker dié seënige wat die opwindende van alle seënige is. Hierdie seënige gee 'n nuwe dimensie aan die lewe.

een of ander georganiseerde of ongeorganiseerde naweek deel te neem nie en dan net om heeltemal verras te wees met die uiteindelijke verloop van sake.

Die skerpsinnige leser het seker al die behoefte gehad om by dié tyd nie verder te lees nie en skouerophalend te sê: "So what, wat wil hy sê. Dit is tog so dat ons almal soms verkeerd is." Reg so. Hierdie seënige word saamgevat in die term wat ons dikwels simplisties klassifiseer as menswees. Ons moet egter op die korrekte wyse omgaan met hierdie gawe van menswees. Dit help nie ons skryf ons foute aan menswees toe en lê agteroor tevrede dat ons verontskuldig is nie. U gaan die opwindende mis.

Vooroordeel

Binne 'n jaar nadat ek my aanvanklike vooroordeel en gewese beskouing aangaande 'n mede-Matie laat staan het was ek en hy onafskeidbare vriende. Waarskynlik dié een waar ek die grootste van my geheime en begeertes kon nêlê.

Aanvanklik het ons mekaar verkeerd opgesom en daarna volg die opwindende van 'n splinternuwe vriendskap toe. Dit is egter nie die enigste terrein waar die seënige van verkeerd wees hom voordoen nie. Wie het nog nie homself verwens dat hy wel ingestem het om aan

Soos ons gemaak word om met ons talente te woeker, so moet ons met hierdie gawe werk. Lewe hom uit. Maak seker of u deur die menswees-gawe getref is en maak daadwerklik planne om verby hom te leef.

Kortom, vandag ontbreek entoesiasme so dikwels om-

dat ons die gawe van menswees misbruik. Dit is 'n gawe vir motivering, nie vir verontskuldig nie. Ek is nie bereid om my verkeerde gedagte en verwagtinge aangaande aktiwiteite, organisasies en mense te ondersoek en te verwyder en gevolglik nuwe terreine te betree nie. Ons gebruik dit juis om ons daar weg te hou.

Beproof

Toe daar in die Groot Boek geskryf is: Beproof alles en behou die goeie toe het die skrywer sekerlik ons gemaak om te worstel met die gawe van verkeerd wees. Hy het ons uitgestuur om mens te wees en bly te wees en verkeerd te wees; en daarna om reg te lewe. Dit was 'n opdrag aan elkeen, dit was nie veronderstel om die lewe van een groep mense te wees en hulle sodoende die reg te gee om te sê "sien jy nou" nie.

Maties wees entoesiasies, wees verkeerd, wees mens en wees reg.

Toue neem kits uit area

KOS-TRAFOBIX skryf:

INDIEN enige honger student deesde na die Kitsarea verwys (wie kan nou ook daardie ander obsene naam

vir die Sentrum gebruik), kan hy/sy met reg vra, "Water area?"

'n Ongesonde samedromming van welriekende en onwelriekende liggame (hordes van hulle), vorm deesdae 'n ondeurdringbare muur voor die koffie-uers. Om deur hierdie fortifikasie te breek, het 'n mens al jou fisiese wapens, soos elmboë, voete, knieë en kop, nodig. Indien 'n mens soos die Grieke van ouds die uithou vermoë het om vir 'n onbepaalde tyd met durf en moed te veg, kan jy (mê behulp van die gode) na ongeveer vyftien minute voor die koffie-uers stelling inneem, net om daarna weer in 'n tou so lank soos die muur in China stelling in te neem.

Spartelend

Met nog baie geluk vind jy jousself na 'n ewigheid voor die kasregister — minus die helfte van jou koffie wat in die wagproses deur ander spartelende liggame uitgestort is.

Epidemie

Iets moet aan hierdie saak gedoen word, en aangesien hierdie tendens soos 'n epidemie na die afdeling vir gekookte middagetes uitgebrei het, verdien die saak aandag op 'n hoër vlak. Ek doen aan die hand dat die koffie-uers verskuif word na 'n ander area en dat die kosskeppers by die middagetes vroegtydig die kombuis laat weet as hulle sien die kos in die bakke raak min.

Politiek en Kroniek van G.A. Thoonissen

DIT was onvermydelik dat Jis Bones sy Tronkmemoires* sou opvolg met ten minste 'n Reisbeskrywing na sy oorsese besoek. Altans, so het almal gedink. Maar Jis was tot in sy siel in moeg. Niemand kon hom hieroor verkwalik nie. Wie sou nie moeg wees na ses weke se voortdurende stryd om Slek Vrywurg uit die X-buurt en die XXX-films te hou nie?

Vandaa die temerige eerste Vergadering. Kom ons gaan swem eerder, stel Konnie Mopstert grootmoedig voor. Grootmoedig, want hy kan nie juis swem nie, maar hy pas darem graag die klere op.

So gebeur dit dan dat die ganse SR gelate in 'n lang, lang ry afsit na die Dam bo-op die berg. Nogal 'n aardige prentjie: Vooraan strompel die moeë Jis Bones, heeltemal té uitgeput om selfs te mymer oor Soho; agter Jis trippel die immer-uitgelate Frisco Besmeerden met sy tjoeple om die middellyf en die opblaasvierkies aan die bo-arms; ook Vatlappie is in dié someraand in haar element — synde die Dagbestuur se eie Koningin van die Nag; heel agter in dié Ry van Droewige Dertien stap, fier en flink, Spieël Vannermerwe, sy hare blink gekam, sy netjiesgepermdde snor noukeurig versorg, sy gees gultig georiënteer vir dié gawe aand.

Dit was egter die oplettende De Poef wat eerste onraad bespeur het. (Soos hy dit later beskele aan Jis gestel het: Ek ken dit as ek dit ruik.) Want op die wal

van die Dam het hulle gestaan: somber, leedvermakerig en veral — amptelik. Onmiskienbaar. KRAMPUSBELEER.

Die voorman benader vir Jis: Is julle wit of nie?, vra hy. Uit pure moedeloosheid breek Jis somer 'n wind en gaan sit op 'n klip. Vatlappie neem 'n dreigende houding in en Frisco raak aan die huff. Die KRAMPUS-voorman is verward. Hy konsulteer met sy agterryers en kom wys 'n papier vir Jis. Dis 'n kennisgewing. En dit kom van (amper-)Bo.

Jis kyk op na sy volgelinge. Nee, sê hy moeg, en vervolg moerig en met nadruk: ons swem nie, nie vanaand nie ook nie môre nie nooit nie.

Konnie Mopstert het vir Frisco gekeer waar dié besig was om sy kop teen 'n boomstam te kap. Jis het sy arm troostend om die snikkende knapie gesit: Toemaar, het hy vaderlik gesê, een van die dae gaan kuler ons almal in Soweto. Is dit ook oorse?, wou Frisco infantiel weet. Nee, kon Jis hom gerus stel, dis ons eie land maar die mense praat 'n ander taal. 'n Heel ander taal, het Jis profeties ge-weet.

BAREND VOS

(Natuurlik had die GOMLASTIEK-GOGGA 'n ontstendheid met sy Hoedanighede. But worse was still to come) * STANDER-uitgewers. Fort Lauderdale, 1984. Prys nie vergeld.

Die "left" bly 'n ewige mite

RASTAPASTA skryf:

DAT die Left 'n relevante rol het om te speel op kampus is 'n mite. Die Left is nie alleen totaal sonder 'n rol hier nie — in enige betekenisvolle sin van die woord bestaan die Left nie op Stellenbosch nie.

Sure: elke tweede mens in die Neelsie haat Apartheid en kry so 'n vaal kol op die maag as iemand die Groepsgebiedewet noem. Party het selfs guts gehad.

Ons hoor gedurig van die Left hier; vër-linkses, neo-Marxiste, Zet, Rads en neo-Rads. Die Matie word amper-amper 'n monster, SAAK haal die progress. En van die dae, hoor ons, gaan die Left homself organiseer, al dié rondvallyery gaan end kry. Hulle gaan mense mobilise, studente gaan geconscientize raak dat Lenin soos 'n jokkal-student ly. Droom:

'n Long hot summer, de-

monstrasies; rad gedigte en Dylan oor Radio Matie, moerse manifesto's. Graffiti in rooi ver teen die Koos se mure: SOCIETY IS A CARNIVEROUS FLOWER.

En jaar na jaar ploeter die Left voort. Na die neo-rads, die alternatives, dan die structuralists, die post-rads. . . .

SAAK speel elke jaar 'n respektable spel, word elke

destroy everything, all will be ruins", of "don't look back" of engeen van die ou staatsmakers van die New Left? Die left sal nooit die liberaal-kapitalistiese raamwerk wat hulle so haat los en self probeer swem, self 'n dryfding bou nie. Die Left wil lekka jop! Hulle wil vir Anglo's gaan werk!

They need a weatherman! Die Left in Stellenbosch is

Left ploeter voort

jaar met groot spektakel versigtige verskonings en al in die lug geblaas. Jaar na jaar gesels die Left radikale politiek in die Neelsie en gryp hulle John Stuart Mill en ontselde taalgbruk as hulle ernstig opgeneem word. Want die Left is bang.

Die Left is bang. Die Left sal nooit 'n linkse slogan los waar 'n Freek Swart dit sal hoor nie. Kan jy jou 'n Matie voorstel wat sê "If we don't

nie left nie, hulle is so rewolusionêr soos die Pofadder o.65 Rolbalklub. Hulle weet wie se bus gaan waai as die rewolusie kom! Die Left sal nooit 'n demonstrasie op die Rooi Plein reël nie — hy moet gaan Privates swot vir môre se toets. Op die ou end is ons almal in die verlig-nasionale kraal. Die ruiterswag hoef nie te worry nie. Hulle sal ook saamstaan as die crunch kom.

GEOKTROOIEERDE REKENMEESTERS (SA)

LOUDITEURE

LEERKONTRAKTE EN VAKANSIEWERK — LEERLING-REKENMEESTERS

DOEN U PRAKTIESE ONDERVINDING OP BY 'N FIRMA WAT DIE OPLEIDING VAN SY PERSONEEL AS EEN VAN SY VOORSTE PRIORITEITE STEL.

★ 'N LANDWYD-GEKOÖRDINEERDE INDIENS-OPLEIDINGSPROGRAM

★ PRAKTIESE ONDERRIG IN GEVORDERDE OUDITTEGNIKE — REKENAARODITS — STATISTIESE METODEDES

★ BYSTAND MET UNIVERSITEITSSTUDIES

★ VORDERING VOLGENS MERIETE

★ MEDEDINGENDE SALARISSE EN BYVOORDELE

TREE IN VERBINDING MET DIE PERSONEELVENNOOT, THERON VAN DER POEL, POSBUS 2799, KAAPSTAD. TELEFOON: 021-216006.

OOK TE BELLVILLE, STELLENBOSCH, PAARL, GEORGE, JOHANNESBURG, PRETORIA EN DURBAN.

Briewe

DIE briewe vir publikasie moet gerig word aan: Die Redakteur, Briewe, Die Matie, Langenhoven-studentesentrum, Stellenbosch 7600.

Briewe moet asseblief so bondig moontlik wees en moet die naam, die adres en die handtekening van die skrywer bevat, selfs al word 'n skulnaam gebruik. Die identiteit van die skrywer in laasgenoemde geval word streng geheim gehou.

So ver as moontlik moet briewe getik word in 'n kolom van 65 mm.

Alle briewe wat ontvang word sal óf gepubliseer óf erken word.



"I want you for US spirit."

VERWELKOMINGSKOMITEE

Ontgroening en doop uit — oriëntering in (met doel)

LIBERTAS ORIËNTERINGSKOMITEE skryf:

EK is seker dat elke student aan die US tydens hul eerste jaar benoude oomblikke beleef het. Van hierdie oomblikke het veral in die begin voorgekom vanweë die nuwe omgewing waarin die studente hulle bevind.

Dit is dan ook daarom dat die US 'n oriënteringsprogram ingestel het. Dié geleentheid wat elke student kry om eerstens sy universiteit te leer ken en tweedens baie nuwe maats te ontmoet, is uniek aan Stellenbosch.

Wie het ooit gepraat van "ontgroening" en "doop", daar bestaan geen so 'n woord nie. Sedert 1961 het "ontgroening" en "doop" verval en vir oriëntering plek gemaak.

Oriëntering is iets waarsonder geen student behoort te gaan nie. Dit is iets moois, wat onder deeglike toesig van die owerhede geskied.

Soos die ongeluk dit wil hê is daar altyd 'n klein groepie studente wat nie wil meemaak aan oriëntering nie, en aan hulle word 'n keuse gestel: "Wil jy deelneem of nie?" Die antwoord berus by die student self.

Net soos dié groepie is daar dan ook dié senior studente wat op negatiewe wyses vals inligting in verband met oriëntering versprei. Dit word gedoen met pamflette en slagspreuke deur 'n organisasie nl. "Anti-Doop". Hoe kan daar 'n "Anti-Doop" wees as daar geen "doop" op Stellenbosch

plaasvind nie.

Na ons mening probeer hierdie klein groepie studente teen alles wat regering, ordelik en tradisievas is, vaskep met vroe soos: "Ek is links, hoekom is jy nie?" en "Ek is links net om altyd anders te wees."

Net so tussen ons noem ons dit, dat hierdie linkses, want dit is wat hulle is, in elk geval dié tipe mens is wat nie op Universiteit behoort toegelaat te word nie. Hulle is die tipe wat met absolute slenters klas toe kom en met oorbelle (onder die mans) in die ore ook die aandag probeer trek.

LID VAN ANTI-DOOP antwoord:

U skrywe maak dit skuldig aan jammerlike en kleinlike beskuldigings wat 'n vraagteken op u integriteit plaas.

Ons stem saam met u dat oriëntering van studente ten opsigte van kampusuitleg, aktiwiteite op kampus en mede-studente 'n noodsaaklikheid is. Dit is ongelukkig so dat "oriëntering" nog steeds die negatiewe aspek van ontgroening en doop insluit. Ons wil u so graag glo dat "ontgroening" en "doop" al in 1961 in onbruik verval het. Wanpraktyke

wat jaar na jaar voorkom regverdig hierdie geloof egter nie. Vandaar dan ook die ontstaan van 'n Anti-doop organisasie.

U standpunt openbaar 'n tipiese opvatting van 'n sekerre groep Afrikaners: Alles wat met u standpunt en siening verskil is noodwendig verkeerd en daarom "links". Waarom politieke kleur gee aan 'n argument waarin dit hoegenaamd nie tuis hoort nie? U beskuldig ons van "Ek is links, hoekom is jy nie", terwyl ú hele skrywe in effek sê, "Kyk na ons. Ons is reg. Hoekom is julle nie soos ons nie." (Verkort).

Gay-en-ongelukkig vra net aanvaarding

GAY-EN-ONGELUKKIG skryf:

IN Die Matie van 18 Oktober 1983 maak *Gay-and-Happy* die volgende stelling: "being queer is more straight (forward) than being straight." Ek wil van hom verskil.

Homoseksualiteit is volgens my onbetwisbaar verkeerd, maar net so verkeerd is baie ander dinge in ons gemeenskap waarmee ons al vrede gemaak het. Skisofrenie (onder behandeling) word deur ons aanvaar en tronkvoëls word ook weer in die gemeenskap geassimileer na die uitdiening van hul vonnis. Ek beskou homoseksualiteit ook as een van daardie dinge. Daar is al hoeveel keer bewys dat baie min, indien enige, sukses werklik behaal word met behandeling. Waarom dan hierdie mense — dit mag dalk jou

broer wees — verwerp asof hul melaats is?

Om sy bewerings te staaf nou die skoknuus: Ek is ook 'n homoseksueel . . . en 'n diep ongelukkige een daarby. Ek is inderdaad nie so gay in die letterlike sin van die woord as *Gay-and-happy* se vriende nie.

Oppervlakkig miskien, ja. Hoekom? . . . Omdat ek weet hoe die samelewing homoseksuele verwerp — mag ek sê selfs haat. (Sommige mense lees hulle Bybels maar selektief.) Ek het al orals vir hulp aangeklop, vanaf 'n psigiater tot 'n pastorale sielkundige. Niks het gehelp nie, al het ek hoe hard probeer. Tans handhaaf ek 'n "macho-image". My koshuisvriende sal met ongeloof reageer op so 'n onthulling. Ek is glad nie verwyf nie, maar ek voel dit is diep ingewortel in my dat ek mans seksueel prikkelend vind. Verwerp julle my

nog steeds? Homoseksuele het myns insiens drie alternatiewe: (1) Om die gemeenskap tevrede te probeer stel en heteroseksueel te lewe.

(2) Om 'n alleenloper-platoniese lewe te voer . . . (is dit moontlik en is die mens eening geskape?) (3) Om sy normale (homoseksuele) instinkt te volg en daarvolgens te lewe. En onthou net: dis nie noodwendig 'n immorele lewe van driehonderd bedmaats per jaar nie. Die meeste van ons verkies een vriend.

Om op te som: Ek is 'n diep ongelukkige student wat selfmoord ernstig oorweeg omdat die samelewing my nie wil aanvaar nie. Ek wil nie so wees nie, maar ek is onveranderbaar. Al wat ek vra is aanvaarding en 'n plek in die son. Ek sal dit waardeer indien medestudente replek lewer op my pleidooi.

GEKLASSIFISEERDE ADVERTENSIES

DIE indeks waarvolgens die advertensies geplaas word, is: 1. Geboortes, 2. Verloofings, 3. Huwelike, 4. In Memoriam, 5. Sterfgevallen, 6. Persoonlik, 7. KENNISGEWINGS, 8. GEVIND, 9. TE KOOP, 10. TE KOOP GEVRA, 11. LOSIES, 12. LOSIES GEVRA, 13. RYGELEENTHEDE GEVRA, 15. WERK.

Advertensies moet skriftelik, met die regte bedrag in 'n kovert in *Die Matie* se posbus (nr. 20, Neelsie) geplaas word.

'n Bedrag van slegs 75c vir elke 15 woorde word gehê, behalwe vir advertensies onder GEVIND, wat gratis geplaas sal word.

Kenningsgewings
SLEGS MANS: Mans

wat belangstel om aan te sluit by 'n sosiale dansgroep met die oog op vertonings en moontlike TV-opnames meld aan by die LO-departement op 28 Februarie om 19h30 by dr. Katzenellenbogen vir 'n oudisie. Vorige danservaring is nie 'n vereiste nie. Onderrig sal gegee word.

Te Koop
SONY WALKMAN te koop. Tweedehands. Goeie toestand. Teen billike prys. Onderhandelbaar. Skakel Andries by 5798.

Te Koop Gevra

TIKMASJEN dringend te koop gevra. Tweedehands of nuut. Moet in goeie toestand wees. Bereid om enige billike prys te betaal. Skakel Cobus by tel. 2316.

MALTESE POEDEL te koop gevra. Verkieslik jonk. Skakel Stefanie by 4259.

TWEEDEHANDSE fiets te koop gevra. Kontak Anne-Marie van Wyk in Huis de Villiers. Tel. 72778.

"Ek's deur... maar die bank is toe!"

"Maar ons kan gaan vier."

WEES JOU EIE BANKIER. ENIGE TYD.

Demp toe bankdeure jou geesdrif? Met 'n Bankmankaart kan jy nou 24 uur per dag, 7 dae per week, kitskontant by die Bankman outomatiese tellermasjien in Neelsie se deurloop kry.

Kry jou gerieflike Bankmankaart nou by André Markgraaff, tel. 71020 of besoek hom by die Bankmankantoor, Andringastraat 73, Stellenbosch. En wie moet jy bedank? Boland, Boland Bank.



BOLAND BANK

Bankman

24 UUR BANK

BOLAND BANK BEPERK. GEREGLISTREERDE ALGEMENE BANK

FIETSRY

Springbok-strategie lei tot oorwinning

deur David v.d. Westhuyzen

WILLIE ENGELBRECHT en Wimpie van der Merwe, die Stellenbosse Springbokfietsryers, het die Spekenam Ope-titel oor 50km by die Nasionale Madisonkompetisie te Paarl op Saterdag 18 Februarie, gewen.

Dié 50-km wedren bestaan nou al vyf jaar en is nog elke jaar deur 'n span van die W.P. gewen. Van der Merwe het nou altesaam vier Madison-kampioenskappe gewen en hy is ook die afgelope twee jaar die nasionale padkampioen. Dié twee Maties het ook twee weke gelede die amateurtitel gewen.

Voortou

Die Matie-fietsryers het 'n puik vertoning oor die 109 rondtes van die wedren gelewer. Engelbrecht het in die laaste rondte die voortou geneem en teen 'n sterk wind met meer as 'n lengte voor Mark Beneke geëindig.

'n Verkeerde ratverhou-

ding aan Van der Merwe se fiets het amper veroorsaak dat die Maties die wedren verloor. 'n Junior klubmaat van die Maties is gevra om Van der Merwe se fietsratte te stel. Ongelukkig is die ratverhouding te hoog gestel vir die sterk wind. Van der Merwe moes hard trap om by te bly toe Robbie McIntosh in die voorlaaste rondte wegbreek. Volgens beplanning sou McIntosh 'n voorsprong opbou en daarna die voortou oorgee aan Koen.

Taktiek

Die Stellenbosse fietsryers se taktiek was om Engelbrecht die laaste halwe rondte te laat voor ry, maar dit is verander sodat Engelbrecht

die hele finale rondte voor moes ry. Ten spyte van Van der Merwe se fietsprobleme, het hierdie verandering van taktiek die Maties laat wen.

Eindpoging

Engelbrecht het Koen met kragfietsry in die begin van die laaste rondte verbygesteek. In die agterste pylvak het Engelbrecht toegeelaat dat Baron Williams hom aan die binnekant verbysteek. Die Matie het toe kort agter Williams se agterwiel gery, sodat hy die pylvak met 'n sterk eindpoging kon binnegaan.

Voorjaag

Engelbrecht het met die vaart waarvoor hy bekend

is, verby Koen gegaan om voor te jaag. Beneke het met 'n sterk eindpoging na vore gekom, maar Engelbrecht was eerste oor die wenstreep.

Uitslae

Die amptelike uitslae van die Madison oor 50 km is: 1. W. Engelbrecht en W. van der Merwe (U.S.) — 1 uur 9 minute en twee sekondes. 2. M. Beneke en G. Beneke (Hillex Lytho), 3. H. Wentzel (privaat) en B. Williams (Paarl), 4. J. Koen en R. McIntosh (Le Turbo).



WIMPIE VAN DER MERWE, Matie, Springbok en Nasionale Padkampioen, in aksie in die Madison Ope-kompetisie te Paarl.

KORT-SPORT

Carel en Michael steeds Maties

Carel en Michael du Plessis sal weer vanjaar vir die Maties rugby speel. Carel is die hele seisoen beskikbaar, terwyl Michael tot minstens Mei vir Maties sal speel wanneer hy as tandarts kwalifiseer. Verlede jaar is landwyd berig dat die Du Plessisbroers vanjaar hul diensplig in die Noorde gaan verrig.

Oud-Maties is Krieket Springbokke

Vier oud-spelers van die Maties se Krieketklub was lede van die Springbokspan wat teen die Wes-Indiërs kragte gemeet het. Hulle is Peter Kirsten (helte van reeks as kaptein), Garth le Roux, Denys Hobson en Adrian Kuiper.

Blou Bulle na Maties

Twee spelers van die Noord Transvaalse onder 20-rugbyspan van 1983 studeer vanjaar op Stellenbosch. Hulle is die kaptein en flank van die span, Rudolph Streali en die haker, Martin Krieger. Die provinsiale spelers Attie Strauss en Gert Smal is ook vanjaar Maties.

US-Veldatlete

Die Oud-Matie en gewese wêreldrekordhouer in die skyfwerp, John van Reenen, keer eersdaags terug na Stellenbosch. Sakkie Kotze, wat spog met 'n beste afstand van 62,06m, is ook na Stellenbosch verplaas en Van Reenen behoort hom tot nuwe hoogtes aan te spoor.

Blair na Stellenbosch

Die Springboklosskakel, Robbie Blair, is met bevoordering na sy hoofkantoor op Stellenbosch verplaas. Hy weet nog nie of hy vanjaar weer gaan speel nie.

Maties gee vuil Franse rugbyle

deur Mandie Marais

DIE afgelope vakansie is vyf Maties na Frankryk genooi. Dit het gebeur nadat die bekende rugbyklubs Carcassonne en Marignac in Bordeaux met die Stellenbosse rugbyklub onderhandel het.

Die spelers, Carel du Plessis, Freddie Ferreira, Attie Slabber, Niel Hugo en Takies Reitz is baie teleurgesteld in die standaard van rugby in Frankryk.

Vuilspel

Die vuilspel wat deur die skeidsregters toegelaat is, was ook ongewoon vir die Maties.

Oefentye was Dinsdag- en Vrydagaande vanaf 7-9 nm, terwyl alle wedstryde op Sondag 15h00 plaasgevind het. Die spelers sê dat die gehalte van rugby in Frankryk nie met Stellenbosch s'n vergelyk kan word nie. Die oefeninge was baie anders

en hulle lê meestal klem op balvernuf en hardloopeffeninge, terwyl daar min aandag aan lynstane en skrumsgeskenk word. Kontakspel is ook merendeels deur die spelers vermy.

In Bordeaux het die klub gesukkel in die liga en al hul wedstryde verloor totdat Du Plessis, Ferreira en Slabber by die klub aangesluit het.

Oorwinnings

In die eerste wedstryd het hulle in konvensionele posisies gespeel, maar daarna is Du Plessis na losskakel en Slabber na agsteman verskuif. In vier van die ses wedstryde waarin die Maties hier-

na gespeel het, het Marignac oorwinnings behaal.

Hugo en Reitz het sewe wedstryde vir Carcassonne gespeel. Die span het vier hiervan gewen. 'n Hoogtepunt van hulle toer was die bywoning van die wedstryd tussen Frankryk en Ierland in Parys.

Geen politieke insidente is ondervind nie en die spelers is oral vriendelik ontvang.



DIE US-valskeermklub het op Woensdag, 22 Februarie 'n uitstalling in die Gat gehou. Die klub bestaan tans uit ongeveer 30 lede wat reeds hard oefen om weer vanjaar die SAU-kampioenskapstitel in te palm. Enige belangstellendes kan Saterdag vanaf 08h00 aanmeld by die Atlantic Skydiving Club by die Stellenbosse Vliegvelde.



OP DIE KANTLYN

deur Hugo Lambrechts

DIE sportjaar op Stellenbosch het op 5 Januarie met 'n unieke prestasie begin. Zola Budd het met haar wêreldrekord op Coetzenburg 'n moeilike doelwit aan sportmanne en sportvroue gestel om te oortref.

Vir sportmanne en sportvroue wat Zola daardie aand in lewende lywe of op TV teen die Suidoos sien hardloop het, moet dit 'n aansporing wees om in 1984 beter te presteer. Zola het aan almal bewys dat om 'n kampioen te wees, fiksheid, deursettingsvermoë en dryfkrag vereis.

As elke Matie-sportman en -sportvrou die wenresep van Zola ter harte neem, nl. om te konsentreer op fisiese fiksheid sowel as geestelike voorbereiding in hul oefenprogram, sal ons in 1984 vele Matie-rekords sien. Stellenbosch se kwota van Springbokke sal dan ook veel groter wees.

Die geesdrif waarmee die nuwe Maties aan die Eerstejaars-atletiekbyeenkoms deelgeneem het, het gewys dat

1984 'n groot jaar vir Stellenbosse sport gaan wees. Budd se wêreldrekord en Johan Fourie se blitsige nuwe SA-rekord op Coetzenburg het gewys dat Stellenbosch steeds die mekka van SA- en wêreldatletiek is.

Watter beter motivering het US se sportmanne- en vroue nodig as om deel te wees van 'n sportmilieu waar wêreldrekords gejaag word en internasionale sportsterre gekweek word?

Die Sportredaksie heet elke nuwe Matie-sportentoesias welkom. Stellenbosch bied aan elkeen die beste sportfasiliteite en -geleentehede moontlik. Jy moet dit net ten volle benut en met fisiese fiksheid en geestelike dryfkrag streef om ook die hoogste sport te bereik.

Stellenbosch bied ook aan

die onfikses die geleentheid om topfiks te word. Die bergpad en trimpark bokant die Danie Cravenstadion behoort 'n redelike uitdaging te bied. Die DSOV se trimroete tussen Heemstede en Nerina bied ook aan die dames die kans om topfiks te word en te bly.

Die Sportredaksie sal probeer om in 1984 soveel dekking moontlik aan al die verskillende sportsoorte te verleen. Dit is egter noodsaaklik dat elke sportklub of sportindividu wat dekking verlang ons vroegtydig kontak. Die volgende Matie verskyn op Donderdag 15 Maart. Enige berigte of aanvrae vir dekking moet voor Woensdag, 7 Maart gedoen word. Kontak Hugo Lambrechts by Majuba (Tel. 210) of laat 'n boodskap by die Matiekantoor.



FREDDIE FERREIRA, skrumskakel van die Maties breek hier weg met die bal vir die klub, Marignac, in Bordeaux, Frankryk. Ferreira het bygedra tot vele oorwinnings.

SAU-uitslae

SAU-atletiek

Tydens die SAU-byeenkoms op Potchefstroom in Desember, het die Matie-atletiekspan goed presteer. Die Maties Annie le Roux, Pietie Roux, Bermien Conradie, Hanlie Engels en Kobus Burger het 'n motor van Toyota gewen deur die vyf beste individuele prestasies te lewer. Henning Gericke het twee goue medaljes verower en Steven Donald het 'n wegholoorwinning in die marathon behaal. Al sewe die Maties is opgeneem in die SAU-atletiekspan.

SAU-Tennis

Die Maties het vanaf 5-9 Desember deelgeneem aan die SAU-Tennistoernooi te Durban en die gesamentlike spantrofee verower. Die dames, onder leiding van Estelle Montgomery, het hul wedstryde maklik gewen. Een wedstryd is gelyk op gespeel teen U.O.V.S. (3-3). Die mans het hulself as die vierde beste span uit die tien universiteite bewys. Bruce MacKensie, Handri de Villiers en Santie Botha het Proteakleure verwerf.

KOM TOER SAAM na PASSIESPEL OBERAMMERGAU 1984

1. JEUGTOER na ENGELAND en EUROPA en Passiespel bywoning 6-22 Julie 1984. Toerprys: R2 421. Persone 17-35 jr.oud. Universiteits- en Skoolvakansie.
2. NOORWEE SWEDE DENEMARKE FINLAND DUITSLAND ENGELAND SKOTLAND en Passiespel bywoning 22 Junie-10 Julie 1984. Toerprys: R2 999. Universiteitsvakansie.
3. JEUGTOER na ENGELAND en EUROPA met vyf dae by ski-oord in Oostenryk. Toerprys: R2 599. Persone 17-35 jr. oud. 19 Desember 1984-7 Januarie 1985.

Toere kan maandeliks afbetaal word. Goeie hotelle, privaatgeriewe en 2 etes per dag.

Nader: Dr en Mev Attie van der Colf Vyfdestraat 42 Linden 2195. Tel. Johannesburg 782-9195.

SCUBA-Klub weer eens bo

deur David v.d. Westhuyzen

DIE Stellenbosse Onderwater-klub het die SAU-toernooi gedurende die vakansie gewen.

Die toernooi is vanjaar te Stellenbosch gehou. Die Maties het die toernooi maklik gewen. Ikeys en Tukkie het die tweede plek gedeel.

Stellenbosch het die SCUBA sowel as die Visskiet-kompetisies gewen en in die mans- en dameshokkie die tweede plek behaal. Die dames het veral goed gevaar deurdat hulle die sterk damesspan van UOVS geklop het. Hulle het daarna teen Ikeys verloor en sodoende tweede in die toernooi ge-

ëindig.

Agt lede van die Stellenbosse-klub het hul Protea-klere verwerf in die kompetisie. Hulle is: André Schmidt (SCUBA) Duncan Napier (Visskiet), Awie Botes (Visskiet), Kathy Thompson (Hokkie), Frans Jooste (Hokkie) en Toggs Viviers (Hokkie).

Die klub beoog om vanaf 27 Februarie tot 2 Maart 'n uitstalling van duiktoerusting in die Gat te hou.



RULÉ BARTI demonstreer hier die moderne danse wat sy in die L.O.-departement se danssaal vir alle studente gaan aanbied.

DSOV bied pret en fiksheid

deur Lucia van Eeden

DIE Damessport- en Ontspanningsvereniging (DSOV) bied weer talle interessante kursusse en aktiwiteite aan vir dames- sowel as manstude-
dente. Die DSOV se trimpark gee ook aan elke damestudent die geleent-
heid om fiks te wees.

Die eerste kwartaal se program is soos volg:

Moderne danslesse

Rulé Barti bied beginners-klasse en gevorderde lesse aan op Woensdae om 17h00 - 18h00 en 18h15 - 19h15 in die L.O. Departement se danssaal.

Sy het vir Jazzart begin

dans nadat sy in 1977 by UCT se balletskool gegradeer het. Rulé het al verskeie kere in TV-programme opgetree en het vandag haar eie dansskool, La Dance, in die Paarl.

Die klasse begin op 27 Februarie en die koste is R2,50 per les.

Perdry

Vanaf 6 Maart word perdrylesse op Dinsdae, Woensdae en Donderdae teen R3,00 per les aangebied. Die bus vertrek om 16h30 en keer om 19h00 terug.

Leer-die-see-ken

Mnr. S. Esterhuizen van See-en-Sand bied 'n leersame kursus aan in verband met "Leer-die-see-ken".

Daar is plek vir 25 dames en 25 mans. Die kursus bestaan uit vier lesings van 'n uur op 28 Februarie en 1,6

en 8 Maart asook 'n naweek-kamp vanaf 9-11 Maart by Hermanus.

Die inskrywingsfooi vir die hele kursus is R5,00 per student.

Seilplankry

'n Seilplankrykursus word op Saterdag 25 Maart vanaf 09h00-13h00 aangebied te Fauredam. Vervoer word gereël en die koste is R1,00 vir busgeld en R1,50 per persoon vir die huur van die seilplank. 'n Deposito van R15,00, wat die Maandag weer teruggegee word, word ook vereis. Net die eerste nege inskrywings word aanvaar.

Navrae

Alle inskrywings moet vroegtydig by die DSOV-kantoor in die Neelsie (kamer 412) gedoen word. Enige navrae kan by mej. Sandra du Plessis gedoen word (Tel. 77691).

Griet

se Akademiese Boekhandel
H/v Andringa- en
Victoriastrate
Stellenbosch
7600

Tel. 72830
en 70712

Die enigste Akademiese
Boekwinkel met dié
alternatief -

By ons kan u 'n keuse doen tussen
NUWE en GEBRUIKTE
AKADEMIESE BOEKE
wanneer u u aankope doen

Skryfbehoeftes

Tikwerk

Bindwerk

Welkom by ons groot, ruim winkel
met sy eie Stellenbosse karakter

(Afd. van Nasboek Bpk.)



TWEE Mej. Matieland-finaliste, Emma du Toit en Elizabeth Jooste, besig met fiksheids-oefeninge by een van die oefenpunte van die DSOV se trimpark.

Mabré-rugbydae kom tot einde

deur Hugo Lambrechts

MABRÉ se Rugbyklub het besluit om na 'n bestaan van vyf jaar te ontbind. Die klub het uit die twee manskoshuise Majuba en Hombré bestaan.

Mabré was soms in staat om noemenswaardige prestasies te lewer. 'n Aantal kampioenspanne soos Dagbreek, Eendrag, Helshoogte en Elsenburg is al deur Mabré geklop. Verlede jaar het Mabré vir Elsenburg op hul tuisveld gewen. Elsenburg was op daardie stadium oorwonne. In 1982 het Mabré daarin geslaag om die gesogte Drostyd Hof-sewes-toernooi te wen.

Spangees


Verlede jaar is 'n aantal probleme egter tussen Majuba en Hombré ondervind. 'n Gebrek aan spangees by die klubdele het Mabré se rugby 'n groot knou toegedien. Administratiewe probleme het ontstaan en skakeling tussen die twee kos-

huise was onbevredigend. Dit het uitgeloop op misverstande tussen bestuurslede asook spanlede. 'n Vergadering het gevolg wat ten gunste van afstigting besluit het.

Afstigting

Hierdie besluit is verlede week weer bevestig en is aan die Sentrale Rugbyklub oorgedra. Die Rugbyklub het reeds hul goedkeuring gegee vir die afstigting van Majuba en Hombré. Beide spanne sal eersteliga-status behou.

Majuba het vanjaar slegs 32 eerstejaars bygekry terwyl Hombré ongeveer 80 nuwe koshuisgangers het. Beide spanne is van plan om vanjaar op geesbou klem te lê. Majuba se rugbyspelers draf reeds elke middag om 5 nm.



ATLETIEK

Wêreldrekord in sig vir Johan Fourie

deur Anél Coetzee

JOHAN FOURIE het op 22 Februarie tydens die Sanlam-urbyeenkoms te Coetzenburg 'n wêreldtyd van 3 min. 34,5 sek. in die 1 500 m opgestel. Hy het sy eie SA-rekord met 0,7 sek. verbeter. Hierdie nuwe rekord sou hom verlede jaar elfde op die wêreldlys plaas. Dit is slegs 3,73 sek. duskant die wêreldrekord van Steve Ovett.

Die nommer was nie net die hoogtepunt van die aand, maar ook die beste 1 500m wat nog in Suid-Afrika gehardloop is, met die eerste vier atlete wat tye vinniger as 3 min. 40 sek. aangeteken het. Matthew Temane het tweede geëindig, gevolg deur die Oud-Matie Henning Gericke wat 'n beste tyd ooit van 3 min. 38,8 sek. aangeteken het. Fourie, Temane en Gericke neem môreand op Potchefstroom weer aan die 1 500m deel.

Gericke studeer tans aan die Universiteit van Preto-

ria hoofsaaklik met die oog op beter atletiekafrigting. Johan Fourie se afrigter, Steve Rautenbach, help hom tans met afrigting. Gericke het hierdie seisoen alreeds op sy vorige beste tye in die 800m, die 1 500m en in die myl, verbeter.

Paalspring

In die paalspring is besonder goeie vertonings deur die Maties gelewer. Pietie Roux het vir die tweede keer vanjaar 5,00m gehaal. Theo Pellissier het met 'n

hoogte van 4,60m tweede en André Giliomee met 'n hoogte van 4,40m derde geëindig.

Die 5 000m vir mans was ook 'n goeie wedloop. Die Sishen-atleet, Bethuel Seribe, die vinnigste atleet in die land in die nommer, het die afstand afgelê in 'n puik wentyd van 13:46,9 min. Met meer teenstand en beter paskatting sou Seribe die 5 000m vinniger afgelê het. Die eerste drie rondtes is egter in 'n stadige 86,0 sek. voltooi. In die vierde ronde het hy versnel tot 65,8 sek. en ongeveer dieselfde tye tot die laaste rondte gehandhaaf.

Die Maties, Stephen Donald en Bennie Stander, wat

derde en vyfde geëindig het, het die beste tye van hul loopbaan aangeteken. Hulle tye was onderskeidelik 14,17,2 en 14:32,1 min.

Skyfwerp

In dieskyfwerp (mans) het die Maties die eerste drie plekke behaal. Sakkie Kotze het 'n wenafstand van 56,88m gegooi. Schalk Burger het tweede en Lourens van Vuuren derde geëindig.

Die Springbok, Myrtle Simson, is weer besig om haar beste vorm te herwin. Sy het 'n wentyd van 57,8 sek. in die 400 H (vroue) behaal. Elmarie Vogel was tweede in 59,0 sek. en die Matie Bermien Conradie derde in dieselfde tyd.

Rekords spat by swemgala

deur Mandie Marais

DIE jaarlikse eerstejaar-swemgala is op Donderdag 23 Februarie by die Coetzenburg-swembad gehou. Volgens me. Jackie Wiese is die groot aantal rekords wat opgestel is, toe te skryf aan die rekordgetal inskrywings. Simonsberg en Erica het hulle onderskeie afdelings gewen.

In die vroue-afdeling het Erica die eerste plek verower met 'n totaal van 328 punte. Nerina was tweede met 208 punte en Nemesia derde met 85 punte.

Simonsberg, gesteun deur baie aanmoediging, het die mansafdeling gewen met 'n totaal van 268. Piek het die tweede plek ingeneem met 233 punte.

Goeie prestasies is deurgaans gelewer. Me. M. Lukouw van Nerina het die 100m kruislag-rekord verbeter en me. P. Thompson van Erica het die 100m borslag gewen in 'n rekordtyd van 1 min. 26,6 sekondes.

H. Roux van Simonsberg het in al sy items goed presteer. Die mans individuele wisselagrekord is deur Roux in 'n tyd van 1 min 29,61 sek verbeter. Hy het ook die 100m borslag gewen in 'n rekord tyd van 1 min 13,94 sek. In die 50m kruislag het Roux weer eens in 'n rekordtyd van 36,45 sek. gewen.

Ondanks die goeie weersomstandighede, het min mense die byeenkoms bygewoon. Die enigste uitsondering was Simonsberg wat goed verteenwoordig was en hul deelnemers luidkeels aangemoedig het.

PIETER ROUX, die 20-jarige Liggaamlike Opvoedkunde student van Maties, slaag met sy wensprong van 5,00m tydens die Sanlam-byeenkoms op Coetzenburg. Hy het reeds 'n WP-Junior rekord opgestel en het ook die Seniorrekord tot 5,07m verbeter tydens die SAU-byeenkoms. Roux word tans as die belowendste paalspringatleet in die land beskou.

SPORTPROGRAM

1. Atletiek

29 Feb. Wo: Table Top Tien Interklub. 19h00 - 21h30.
8 Mrt. Do. HAUMatie Kampioenskappe. 19h00 - 22h00.
14 Mrt. Wo: WP Junior Proewe. 15h30 - 20h00.
27 Mrt. Di: Louis Luyt (Eenuur). 19h30 - 20h30.
23 Apr. Ma: Nedbank Prestige. 19h00 - 21h00.

2. Rugby

12 Mrt. Eerstejaarstoernooi.
23/24 Mrt. Sewestoernooi.

3. Tennis

1 Mrt. Do: US-Ope 16h30 elke middag te Coetzenburg- en Dabgreekbane.

4. Trapkar

3 Mrt. Killarney
17 Mrt. Stellenbosch
24 Mrt. Kaapstad.

Matie-kolwers tem Springbokboulers

deur Gerhard van Eeden

OP Saterdag 18 Februarie het die Universiteit van Stellenbosch se eerste krieketspan 'n onverwagse oorwinning oor Kaapstad se Krieketklub, te Coetzenburg, behaal. Die Maties het hierdie belangrike eendaagse Protea-wedstryd met vyf paaltjies, gewen.

Hierdie oorwinning was die Maties se beste vertoning sedert hulle die SAU-kriekettoernooi verlede jaar in Grahamstad gewen het. Wat

Springbokke

hierdie oorwinning oor Kaapstad van nog groter belang maak, is dat Kaapstad oor die twee Springbokke, Garth le Roux en Stephen Jeffries beskik het. 'n Hele aantal WP B-spelers het ook vir hulle gespeel.

Die kaptein en afrigter van die Maties, Paul Downton, het die loot gewen en besluit om Kaapstad eerste te laat kolf. Die Maties se veldwerk en boulaanval was

deurgaans van 'n hoë gehalte. Dit het die Kaapse kolwers se kolflits bot 225/5 beperk vir die toegelate 55 bouboude.

'n Goeie aanvangsvennootskap van 76 tussen Steve O'Kennedy (56) en Dave Granger (47) het die Maties in 'n sterk posisie geplaas om die wedstryd te wen.

Wenlopies

Die wenlopies is na 51 bouboude deur Faffa van der Merwe geslaan. Hy het 38 lopies behaal, terwyl Dave Dundell 29 n.u.n. aangeteken het. Die Maties het

hierdie belangrike wedstryd teen die Kaapstadse krieketklub met vyf paaltjies gewen.



JOHAN FOURIE voltooi sy laaste ronde in die geskiedkundige 1 500m vir mans wat Woensdagaand 22 Februarie op Coetzenburg gehardloop is. Fourie het die wedloop gewen in 'n wêreldklas-tyd van 3 min. 34,5 sek.

SPORTPROFILE

by Lucia van Eeden

"I have always enjoyed playing team ball games, like hockey and basketball, but baseball is the game." For Rikus Coertze, last year's SAU-Baseball Captain, it is a combination of talent, practise and experience which helps him to reach the top.

Baseball is not a sport offered at schools, therefore Rikus played rugby for Durbanville Primary School. At the age of ten his father introduced him to the game of baseball. He immediately became a keen baseball player. He played for a baseball club from the age of twelve.

Rikus Coertze played for the Junior Springbok team which toured Rhodesia in 1979. During 1981 and 1982 he played for the Western Province under 23 team and at the same time captained the Stellenbosch team for SAU-tournaments.

While practising twice a week, he also plays basket-

ball for the Matie team. Rikus enjoys playing the posi-

speed and action of baseball inspires him to continue playing the game. What is his next aim? He would like to play for the Western Province team.

His Stellenbosch team managed to gain fourth place in the 1983 SAU-tournament which was played in December.

Unfortunately his injury as well as his Higher Education course does not enable him to take the game too seriously this year.

Rikus Coertze would like to go to the mecca of baseball, the United States, but his achievements will be the deciding factor.



RIKUS COERTZE

tion of third base, but he also excels as a pitcher. The



PAUL DOWNTON, kaptein en afrigter van die Maties, word hier deur een van Stephen Jeffries se vinnige balle geklop. Die Maties het deurgaans onder groot druk van veral Jeffries en Garth le Roux gespeel. US het steeds krieket van gehalte gespeel en die wedstryd met 5 paaltjies gewen.

US Tug-of-War best

by David v.d. Westhuysen

IN a Tug-of-War exhibition contest held at the Van der Stel Sportgrounds on Saturday, 25 February the Maties beat Military Academy by 3-0.

The contest formed part of the Stellenbosch fair proceedings and was held in the 640 kg division. The two teams competed three times against each other. The Maties managed to win all three matches by two points or nil.

Good, steady pulling

formed part of the Stellenbosch team strategy and they managed to absorb the opponents jerks well. The coach of the Maties stated that he was very impressed with his team's performance. The Maties didn't take part in any matches during the holiday and has only been

practising for a week. He predicted that this was to be the first of many victories this year.

The US-team intends to go overseas in September this year to take part in the World Championships in Wisconsin in North America.



KARNIVAL '84

